IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A.

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1987-11-12

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 315

(Bladsye 18 031 - 18 089)

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF HERVAT OP 12 NOVEMBER 1987.

MR BIZOS : My Lord, would Your Lordship grant leave to accused no. 1, Mr Baleka, to write an examination tomorrow. Economics. The other matter is, we are sorry that we are making the application so late but it was only confirmed yesterday afternoon. Accused no. 19, Mr Molefe, has to see a doctor. The appointment was confirmed for 11h00 this morning and I understand that subject to Your Lordship's approval Captain Mynhardt is making the necessary arrangements. Would Your Lordship excuse accused no. 19 for that purpose. As soon as Captain Mynhardt has made the necessary arrangements to take him there.

COURT : Yes, certainly.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Mnr. Hanekom, my geleerde assessor en ek het gekyk na die verwysing wat u gister gegee het in die getuienis van Mbuti Sekgobane en ons kan nie sien hoe u op daardie verwysing die getuie in twyfel kan trek nie. Mbuti Sekgobane is net gevra wat by sy broer se huis gebeur het. Niks meer nie en niks minder nie. Hy is nie gevra oor sy eie buurt of oor sy eie huis nie. Op watter basis kan u dan sê dat hy die teenoorgestelde gesê het as wat die getuie sê?

MNR. HANEKOM : Ek is jammer as ek my verkeerd uitgedruk het. Die stelling wat ek wou maak is net dat hy het getuig in die hof en hy het niks getuig oor die feit dat sy eie huis afgebrand het op die 3de nie.

HOF : Hy is nie gevra nie. Hy is ook nie gevra oor die ander raadslede wie se huise afgebrand is nie. Hy is net toegespits op die raadslid wat sy broer was.

MNR. HANEKOM : Dit is so.

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : We were also concerned about that and made certain provisional enquiries. Our research showed that the witness was correct in describing at that house. There is a possibility on the information available to us at this stage that the councillor had more than one house and that his brother was living in the house that the witness saw burning, but we will clear that up by way of admission.

COURT : Any way, at the moment we have said enough about this matter. Net voordat u begin, ek wil nog iets aanraak. Weet u waar is Semestraat? -- Nee, ek kan nie van so ŉ straat onthou nie.

En Holwanestraat? -- Ek weet daarvan dat daar so ŉ straat is iewers in Sharpeville, maar waar presies die straat is, kan ek nie onthou nie.

En die woongebied Phelandaba, dit is waar u woon? -- Dit is so, ja.

Strek dit daar dwarsoor Sharpeville, vanaf u huis tot by die kant van Sharpeville? -- Ja, aan die een kant.

Kan u miskien net op my kaart aandui AAR4 net ongeveer die buitelyne vir die ordonnans? -- (Getuie dui aan)

Die gedeelte wat die getuie aangedui het, is die gedeelte wat noord van die spruit lê en dan strek vanaf die busroete aan die regterkant, dit wil sê aan die oostekant tot die kant van Sharpeville aan die westekant en dan noord, tot by die noordekant van die dorpsgebied.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Het u op 3 September 1984 behalwe vir die voertuie wat by mnr. Mokgumutsi in die pad gesleep is, enige ander padversperrings gesien op enige plek? -- Nee, dit was die heel eerste keer dat ek gesien het dat daar ŉ padversperring was met hierdie

voertuie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voertuig by Mokgumutsi.

HOF : En die laaste keer op die 3de? -- En die laaste keer.

MNR. HANEKOM : Het u vir enige persoon vertel van u ondervinding met die groep mense wat u gedwing het om saam met hulle te gaan? -- Ek het dit met iemand bespreek, ja.

Wie was dit? -- My sustertjie Angelina Mjeza.

Net met haar? -- Ja. Dit is toe ek aan haar verduidelik het dat ek nou gaan weggaan hierso. Dit het ek toe met haar bespreek.

U het dit nie genoem aan ds. Simelane of aan Daniël nie? -- Ek het hier aan die hof verduidelik dat ek 'n versoek gerig het aan ds. Simelane en aan hom gesê het dat ek nou wil weggaan na Soetveld. Met my aankoms te Soetveld by hierdie ander man Daniël Mzaia, het ek die eiendom van die unie aan hom oorhandig en toe aan hom gesê dat die rede dat ek die goed aan hom oorhandig is omdat ek van plan is om weg te gaan, want ek word aangeval en niks meer as dit aan hom gesê nie.

Het u vir Botso weer gesien op 3 September nadat u van die groep ontslae geraak het?

HOF : Wat is Botso se van?

MNR. HANEKOM : Nkoane. -- Ek het laas vir Botso gesien toe die polisie daar vir die eerste keer te voorskyn gekom het na Mokgumutsi se huis aan die brand gesteek is en toe die klomp daar uiteen gejaag was deur die polisie. Toe het ons mekaar nie weer gesien nie. Selfs na ek by die huis gekom het die dag, het ek hom nie gesien nie.

Terwyl ons praat van mnr. Mokgumutsi se huis, was daar mense in die huis toe hy aan die brand gesteek is? -- Toe die brand daar begin het by hierdie huis, was ek 'n hele

ent/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ent weg van die huis af. Dus vanwaar ek was, was ek nie in staat gewees om te sien of daar enige persone was by die huis nie.

Het u vir Peter Hlubi weer gesien op 3 September 1984? -- Nee, ek het hom nie weer raakgeloop nie.

Wat het u die res van die dag gedoen op 3 September, nadat u en u pa van die groep af weggekom het en teruggegaan het huis toe? Wat het u die res van die dag gedoen? -- Ek het alreeds vir die hof gesê dat nadat ek en my vader teruggekeer het huis toe, het hierdie klomp, dit is die bende, verder afgestap in Ramokhoasestraat. Dus ek en die ander familielede van my, was net tuis gewees daar en dit was stil.

U het nêrens van die huis af weggegaan die res van daardie dag nie? -- Uit te gaan deur die hek na die straat toe het ek nie. Die enigste plek waar ek aangedoen het was by Nomalizo. Nomalizo se perseel grens aan ons perseel aan die agterkant. Dus het ek ôf deur die draad geklim ôf deur die opening in die omheiningsdraad gegaan om na Nomalizo toe te gaan.

Ek wil nou met u bespreek die vergadering wat die raadslede gehou het op 5 Augustus 1984. -- Ja.

Wat se redes het raadslid Dlamini vir die vergadering gegee vir die verhoging van die huurgeld? -- Al sal ek nie alles onthou wat deur hom genoem was as rede vir die verhoging van die huur nie, maar die volgende onthou ek nog dat hy gesê het dat dit nodig was vir die bou van meer skole, die verbetering van die toestande van die strate deur dit te teer en die bou van groterige klinieke vir gebruik en die opsit van meters vir parkering van voertuie is die redes wat hy gegee het wat ek nog kan onthou.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was daar van die mense in die gehoor wat aan hom na aanleiding daarvan vrae gestel het, oor die projekte? -- Ja, daar was.

Was dit mense wat tevrede was of ontevrede was dat die projekte aangepak word? -- Van die mense wat ek onthou wat gepraat het van die gehoor was nie tevrede met hierdie projekte wat genoem was as rede vir die verhoging van die huur nie.

Wat sê u self, was dit nodig om skole te bou in Sharpeville op daardie stadium? -- Ek vind myself in ŉ moeilike posisie in die sin, ek sal nie kan sê dat ek saam met hom gestem het indien hy ŉ voorstel gemaak het dat daar nog skole benodig was nie, want daar was wel skole gewees in Sharpeville, alhoewel ek ook nie sal kan sê wat eintlik regverdig was vir hom om te kan doen nie.

HOF : Is daar gepraat van skole of van bewaarskole? -- Hy het melding gemaak van nog meer skole wat gebou moet word en dan die verbetering van die toestand van kleuterskole.

MNR. HANEKOM : Het u gedink daar was so ŉ behoefte of was dit onnodig? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was skole in Sharpeville waar die kinders skool geloop het. Waar was ook ŉ kleuterskool gewees wat gebruik was deur die kinders.

HOF : Ja, maar wat is nou die antwoord? Was daar nog meer nodig of was dit voldoende? -- My antwoord was, as dit nodig was en daar genoegsame geld is om dit te vermeerder, was dit die moeite werd om dit te doen, want die gemeenskap het al hoe meer groter geword in getal.

MNR. HANEKOM : Was daar ŉ behoefte om die strate te teer in Sharpeville? -- As daar genoegsame fondse was, was dit nodig gewees.

Het die mense gevra dat die strate geteer word? Het

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die mense gevra dat die strate geteer moet word? -- Wat my kennis betref, was dit nie die gemeenskap wat daarvoor gevra het nie, maar hierdie voorstel het van die raad se kant af gekom dat hulle van plan was om so 'n projek aan te pak.

Sou u tevrede wees met die toestand van die strate soos dit op daardie stadium was? -- Ek was nie tevrede nie, maar die moeilikheid was dat daar nie geld was nie.

Was daar 'n behoefte van die publiek se kant af vir beter padtekens in die strate? -- Die vergaderings wat ek bygewoon het, dit is die vergaderings van die Bafutsana Party was daar geen so 'n versoek gewees nie.

Was daar 'n behoefte om meer klinieke te bou in Sharpeville? -- Dit was ook nog nooit gemeld by die vergaderings wat ek bygewoon het nie.

Nee, maar ek vra vir u wat sê u, was daar 'n behoefte aan klinieke of nie? -- Al het ek nie dikwels na die kliniek toe gegaan vir behandeling nie, maar my opinie van daardie grootte van die kliniek was dat dit genoegsaam was en in staat is om die dienste te lewer.

Het al die huise in Sharpeville op daardie stadium elektrisiteit gehad? -- Al onthou ek dit nie so goed nie, maar ek sal sê die meeste van die huise het elektrisiteit gehad in Sharpeville.

Was dit nie een van die redes wat mnr. Dlamini gegee het waarvoor die verhoging nodig was om die huise wat nie elektrisiteit gehad het nie, wel te elektrifiseer nie? -- Van die redes wat mnr. Dlamini gegee het daar, het hy geen melding gemaak van die elektrisiteit nie.

Het hy melding gemaak van hoë mas beligting in Sharpeville? -- By daardie tyd was daar wel hoë mas beligting

gewees/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gewees, maar hy het ook geen melding daarvan gemaak nie.

MR BIZOS : I am sorry to interrupt. The court orderly has indicated that the arrangements have been finalised for no. 19 to go to the doctor.

COURT : Yes, no. 19 may leave the court.

MNR. HANEKOM : Moet ek dan van u verstaan dat op daardie stadium in Augustus 1984 was daar eintlik geen behoeftes vir verbetering in Sharpeville nie? Die mense was tevrede met die toestande soos dit was? -- Nee, dit is nie wat ek sê nie. Ek het gesê as daar genoegsame geld was, daar was wel sekere dinge wat gedoen kon word.

HOF : Wat sê u as daar nou voldoende geld was, wat moes gedoen word? -- Indien daar geld was, wat ek sou gevra het is, of die vergroting van die huidige huise wat bestaan in Sharpeville, want dit is te klein vir sekere gesinne, byvoorbeeld my familie is te groot vir daardie huis, of alternatiewelik dat daar ander huise gebou word. Dit wil sê dat ander mense ander huise kry om te bewoon. Dit is wat ek sou gevra het.

Is dit al wat u sou gevra het? -- Daar is ŉ hele paar wat ek sou gevra het.

Laat ons maar hoor wat u sou gevra het? -- Ek sou gevra het dat daar ŉ struktuur opgesit moet word met ŉ groot - een groot vertrek waar die bejaardes kan sit en wag vir die uitbetaling van pensioene, want na my mening sou dit vir hulle geriefliker gewees het, in plaas van te staan in die reën of in die koue en wag vir die uitbetaling. Nog ŉ ding in die vergroting van die huidige huise wat bestaan, sou ek gevra het dat ŉ toilet en ŉ badkamer bygevoeg moet word aan die huis se struktuur self. Nie die buite toilet nie want

dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dit is gevaarlik vir ŉ mens om uit te loop na ŉ toilet toe wat daar ver is. ŉ Mens kan aangeval word. Ek sou nog gevra het vir ŉ plek wat gebou moet word bedoel vir mense wat ongetroud is, byvoorbeeld van ŉ sekere ouderdom, dat hulle self daar alleen kan gaan woon indien hulle so verkies.

ŉ Hostel? -- Eintlik was ek nie van plan om dit ŉ hostel te noem nie, maar ons kan dit so aanvaar dit is ŉ hostel. Wat ek bedoel is dat daar ŉ plek gebou moet word van mense wat nou uit die huise moet gaan omdat die gesin nou te veel word in daardie klein huis, dat hulle dan ŉ bietjie verminder word wat agterbly in die huis. Nie in die sin van ŉ hostel nie. Die tweede versoek van my sou gewees het die biblioteek. Die huidige een daar is te klein, dat dit ŉ bietjie vergroot word vir ŉ groter spasie vir die kinders om dit te kan gebruik, dat dit goeie beligting moet hê sodat die kinders selfs in die nag of wie ook al daarvan gebruik kan gaan maak. Dit is omtrent al wat ek op die huidige oomblik kan onthou wat ek sou gevra het.

MNR. HANEKOM : Wie het u gedink wie sou moes betaal vir die goed wat u graag wou hê? -- Al kan ek dit nie met sekerheid sê nie, maar ek dink dit was vir die Munisipaliteit om al hierdie te doen.

Bedoel u die Stadsraad van Lekoa? -- As die Stadsraad van Lekoa dan in die plek van die Munisipaliteit is, dan bedoel ek die Stadsraad van Lekoa, of die Raad van Lekoa sal ek sê.

Op die vergaderings van die Bafutsana Party wat u bygewoon het, is hierdie dinge bespreek met die raadslede?

HOF : Laat ek net duidelikheid kry. Waarom sê u met die raadslede? Ons het ŉ aantal vergaderings gehad wat die

verkiesing/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

verkiesing van raadslede voorafgegaan het. Praat u nou van daardie vergaderings of praat u van verslagvergaderings na die verkiesing van raadslede?

MNR. HANEKOM : Ek is jammer, verslagvergaderings na die verkiesing van raadslede? -- Ja, dit was bespreek gewees al was dit nie dieselfde dag of dieselfde tyd genoem nie, maar dit was.

En is die behoeftes daar genoem vir die raadslede? -- Aan raadslid Mokate wat Phelandaba verteenwoordig het, dit wat ek nou net aan die hof genoem het, was aan hom genoem.

En is dit nie op die vergaderings bespreek waar die fondse vandaan sou kom vir die verbeterings nie? -- Nee, dit was nie, want toe ons dit daar bespreek het met raadslid Mokate, het hy ons uitgedaag om ons griewe aan hom oor te dra sodat hy dan dit kan gaan oordra aan die raad by die kamers van die Stadsraad. Geen melding was gemaak van fondse waarvandaan dit sou gekom het om die goed aan te pak nie.

HOF : As u sê uitgedaag, bedoel u daarmee versoek of bedoel u uitgedaag in die sin dat daar uitdagend opgetree is? -- Hy het eintlik aan ons die prosedure verduidelik wat gevolg moet word om griewe by die raad te kry. Met ander woorde het hy aan ons oorgedra dat alles aan hom gegee moet word sodat hy dit dan later aan die raad kan gaan oordra.

MNR. HANEKOM : Die vergadering waarop die griewe aan raadslid Mokate oorgedra is, was dit ŉ openbare vergadering? -- Die vergaderings was by sy woning gehou. Hy het daar ŉ groot waenhuis gehad waarin die vergaderings gehou is. Dit was oop vir almal om by te woon van Phelandaba wat my betref. Ek kan net nie sê of ŉ persoon van Putsoasteen, indien die

persoon/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

persoon besluit het om dit by te woon, toegelaat sou word nie.

Was die opkoms by die vergadering groot? Het daar baie mense van Phelandaba gekom? -- Ja, die inwoners van Phelandaba het die vergaderings in groot getalle bygewoon.

HOF : Hoeveel van die vergaderings is daar gehou vandat die raad verkies is tot hierdie onluste uitgebreek het? -- Oorspronklike was dit besluit deur die Bafutsana Party dat daar elke Donderdag van 'n week vergadering gehou sou word. Tot en met na die verkiesing van die raad, was die vergaderings gehou omtrent elke Donderdag van 'n week tot en met die tyd van die onluste. Dus is ek nie in staat om vir hierdie hof te sê presies hoeveel vergaderings al gehou was tot hierdie tyd van die onluste nie.

Met ander woorde, ongeveer een keer per week tot met die tyd van die onluste? -- Eintlik nie presies ongeveer die tyd van die onluste nie. Ek sal sê tot en met die tyd waar die huurverhoging toe begin oopbreek het.

Was dit nou Augustus? -- Dit is òf die einde van Julie òf die begin van Augustus.

MNR. HANEKOM : Is daar op geeneen van die vergaderings wat u bygewoon het ooit bespreek waar die fondse vandaan sou kom vir die projekte nie? -- Kyk, die party van ons was Bafutsana en ons was maar daardie tipe mense gewees wat beskryf word deur die naam van die party Bafutsana. Dus het ons ons nie bekommer oor die kwessie van die geld nie, wetend wat ons toestand was betreffende geldtoestande.

Het u nie in daardie tyd gedink dat daar sal van die huurgeld verhoog moet word om van die projekte te finansier nie? -- Nee, nooit, want toe ons nou voorbereidings gemaak

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het by die Bafutsana partytjie waar ons nou te doene gehad het met hierdie verkiesings, was dit duidelik aan ons daar gemaak dat die huurgeld glad nie verhoog sal word nie. Dus het dit nooit in ons gedagte gekom dat daar so iets kan gebeur nie.

Ek wil u net terwyl u dit opper daaroor vra. Het u ernstig geglo dat die huurgeld in Sharpeville nooit weer verhoog sou word nie? -- As gevolg van die manier hoe dit oorgedra was aan ons en die vergelykings wat gemaak was omtrent die huidige raadslede destyds, net voor die verkiesings, het ek aanvaar dat dit nooit verhoog sal word nie, want Kolisang is die raadslid wat daar as en die ander mense was beskryf as mense wat misbruik gemaak het van die gemeenskap se gelde en dié wat ons moes gaan kies het, sou dit nie gedoen het nie.

U het in u hoofgetuienis ook melding daarvan gemaak dat die manier waarop dit aan u verduidelik was, het u geglo huurverhogings sou nie weer plaasvind nie. Wat bedoel u daarmee? Kan u die hof nader inlig? Hoe is dit aan u verduidelik? -- Moet ek aan die hof verduidelik wat aan ons verduidelik was?

HOF : Is dit verduidelik of is daar gesê dit sal nie verhoog word nie? -- Ja, daar was voorbeelde gegee van sekere dinge en dan was daar 'n verduideliking gewees en toe later in die opsomming van alles was dit gesê dat dit nie gedoen sal word nie, as die nuwe raad gekies is. Dus sal dit nie nodig wees vir die verhoging van die huur nie.

MNR. HANEKOM : Kan u aan die hof so 'n voorbeeld noem wat aan u genoem was en wat verduidelik was daaroor? -- Kolisang was een persoon wat gebruik was in die voorbeelde. Daar

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was melding gemaak van sy garage, sy besigheid. Daar was melding gemaak van die toestand van sy huis wat hy bewoon. Hoe dit gelyk het. Daar was ŉ voorbeeld gemaak van ŉ voertuig, sy privaat voertuig wat hy besit het, hoe dit mooi was en toe was dit gesê bo alles, het hy niks te doen met die gemeenskap nie. Hy het net sy eie belang waarna hy kyk. Wat my verder oorreed het was ŉ voorbeeld van die verhoging van die huur in die jaar 1979 waarop Kolisang niks omtrent gesê het nie en weer ŉ huurverhoging wat in werking gestel is in die jaar 1981, waarop hy ook niks gesê het nie. So, wat gesê was is die volgende. Ons moet weg doen met hom, in die sin dat ons hom uit die raad moet kry, want hy is nie hieroor bekommerd nie. Sy lewe is van ŉ hoë standaard, maar as jy nou ŉ persoon daar gaan kry wat beskrywe word as Mofutsana, wat beteken ŉ persoon wat nie genoeg het, wat altyd moet sukkel om ŉ lewe te maak, dan sal jy sien hierdie verhogings sal nie gemaak word nie.

HOF : Is Kolisang toe uitgestem? -- (Tolk: U Edele, dit is ŉ spreekwoord wat die getuie gebruik wat eintlik gebruik word deur die Bafutsana Party. Ek is ongelukkig nie op hoogte met wat dit beteken nie. As ek mag uitvra by die getuie?)

Ja, asseblief. -- Die lede van die Bafutsana Party gebruik sekere tipe komberse. Dit is van ŉ baie swak gehalte, donker van kleur. Dan sal hulle daardie kombers dra met ŉ stok in die een hand of ŉ kierie. As hulle mekaar raak loop en mekaar groet, dan sê hulle "Ya lla koto", letterlik beteken dit dat ŉ kierie op iemand gaan beland. Dit is "Morui", op die kop van Morui. Dit is op die kop van ŉ ryk persoon. Die vertolking daarvan kan eintlik wees dat ŉ hou toegedien sal word op die kop van ŉ ryk persoon.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, maar ek het ꞌn maklike vraag gevra. Is Kolising uiteindelik uitgestem? -- Nee, die area wat hy gewoon het was in die Lekoa People's Party se wyk. Met die gevolg hy was weer op die raad deur hulle gekies. Daardie wyk was nie van die Bafutsana Party nie.

MNR. HANEKOM : Toe die kwessie van die huur wat verhoog gaan word die eerste keer aan u bekend word, het u dit nie met mnr. Mokate vir wie u eintlik gewerk het, gaan bespreek nie? -- Hoe ek bewus geword het van hierdie verhoging van die huur was op die volgende manier. Botso het ꞌn pamflet na my toe gebring. As ek reg is was dit gedateer 31 Julie. Dit was dus in die loop van die week. Gedurende die week is ek by die werk. Voor ons met Mokate bymekaar gekom het, was daar ꞌn raadslidvergadering wat geroep is wat vergader het op die 5de. Dus was daar nog nie tyd gewees om die aangeleentheid met Mokate te bespreek nie.

Was mnr. Mokate op die vergadering van 5 Augustus 1984? -- Ja, hy was.

Het u hom toe nie op die vergadering uitgevra oor die redes vir die verhoging nie? -- Die vergadering sou nog langer gehou het daar, dit is op die 5de, maar na aanleiding van die skerp vrae van ꞌn sekere dame wat gemik was op Mokate by hierdie betrokke vergadering, het dit nodig geword dat hierdie vergadering uiteen moet gaan.

U het mos gepraat op die vergadering van 5 Augustus? -- Ja, dit is reg, ek het daar gepraat. My vrae wat ek gevra het was nie spesifiek aan hom, Mokate, gerig nie. My vrae was gemik op die raadslede daar teenwoordig. Dit wil sê in die algemeen, almal van hulle was my vrae op gemik.

Was dit nie vir u duidelik uit die vergadering van



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

5 Augustus dat die verhoging wat die raadslede vra is nie om hulle self te verryk nie, maar dit is om die projekte in die gemeenskap aan te pak? -- Nee, dit is nie hoe ek dit gesien het nie. Kyk, ons behoort aan die Bafutsana Partytjie. Dit beteken ons is arm, ons het nie geld nie. Hoe kan ek nou verwag dat daar nou geld van my geëis word as ek alreeds bekend gemaak het dat ek arm is?

Die vraag is eintlik, was u bewus daarvan dat die geld wat die raadslede gevra het vir verhoging van huur, was nie om hulleself te verryk nie? -- Nee, wat in my gedagte gebeur het daar is die volgende. Toe hierdie mense nog daar gewerk het dat hulle gekies moet word het hulle melding daarvan gemaak dat die raadslede die geld vir hulle eie belange gebruik toe ŉ voorbeeld gemaak was van Kolisang. Nou het hulle by die raad gekom en die raad werk nou saam met Kolisang se raad wat hulle vroeër versleg het. Dit beteken dus dat as hulle ook nou daar betrokke is en daar word geld gevra, beteken dit vir my een ding, dat hulle ook nou garages wil hê, mooi huise wil hê en ook mooi karre. Dit is hoekom daar nou geld gevra word, dit wat hulle van gepraat het dat die mense doen met die geld.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wil jy nie ook graag self ŉ mooi kar en ŉ mooi huis hê nie? -- Ek het alreeds vir die Hof gesê as daar genoeg geld is, die eerste ding wat ek sou doen is om my huis te vergroot en eintlik ek sal soveel van die geld gebruik maak dat ek nog ŉ ander huis eenkant vir my self kan bou, dat ek lekker kan leef.

Ja, om dit te doen sal u moet geld hê om mense te betaal om dit vir u te doen, nie waar nie? -- Ja, dit is hoekom ek sê as daar genoegsame geld is, sal ek dit doen.

MNR. HANEKOM/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. HANEKOM : Het u toe op daardie stadium toe die raadslede verduidelik dat hulle die geld benodig vir sekere projekte gedog hulle praat leuens, dit is nie so nie? -- Ja, want dit wat hulle genoem het as redes, dit wil sê die projekte wat hulle genoem het wat regverdig het dat hulle die huur moet verhoog, was nie die versoeke wat ons gerig het vanaf die Bafutsana Party nie.

Het u nie gedink dit is versoeke wat deur die ander mense gerig is aan die raad nie? -- Dit sal ek nie betwis nie, maar ek praat van die gemeenskap waar ek betrokke was by die versoeke wat gerig is. Geeneen van hulle is daar genoem nie.

Het u na 5 Augustus die aangeleentheid met mnr. Mokate gaan bespreek? -- Is dit na die vergadering sê u?

Op enige stadium na die vergadering? -- Na die vergadering van die 5de was ek by die werk gewees en daar was 'n gevoel gewees van ontevredenheid. Selfs met my en ander mense, maar ek het hom nie in daardie week, dit is Mokate, gesien nie.

HOF : Nee, maar nie net in die week nie. Vanaf 5 Augustus tot 3 September, het u enigsins met mnr. Mokate gaan gesels? -- Nee. Ons het wel mekaar gesien en dan is hy op pad werk toe. Miskien gaan hy dan daar by Ramokhoasestraat verby. Dan groet hy net en dan gaan hy verby, maar hy was nie soos voorheen dat hy vriendelik was om te staan en praat nie. Dus het ek nie kans gehad om hierdie aangeleentheid met hom voor die datum te bespreek nie.

MNR. HANEKOM : Het mnr. Dlamini op die vergaderig van 5 Augustus 1984 'n aanduiding gegee dat die huurverhogings finaal was of nie finaal was nie? -- Na hy al sy redes verstrek het vir die verhoging van die huur, wat ek wel onthou is dat

hy/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hy die volgende gesê het. Dat daar geen manier was waarop hierdie verhoging van huur kan verhoed word nie.

Want ek wil dit aan u stel dat die getuienis van raadslid Mofokeng in die hof was dat aan die einde van die hele vergadering het Dlamini gesê dat indien daar van die gemeenskap was wat nie tevrede is met hierdie voorstelle van die huurverhoging nie, dan moet hulle 'n petisie optrek en na die raad toe neem en aandui wat hulle klagtes is oor die verhoging en dan kan hulle kyk of daar 'n oplossing is? -- Hierdie getuienis van Mofokeng kan net nie die waarheid wees nie, want hierdie vergadering het nie tot op die einde van die vergadering gekom normaal nie. Die vergadering was uiteen gedryf as gevolg van die geraas en die orde waarop dit nou gedoen was as gevolg van daardie vroumens se woorde.

Ek wil dit net volledigheidshalwe aan u stel dat mnr. Mofokeng in kruisverhoor nie aangeval is daaroor nie. Dit is nie aan hom gestel dat dit nie die waarheid was nie? -- Nee, ek sal niks kan sê daaromtrent dat dit nie bewis was nie, maar wat ek vir die hof sê is dat die vergadering van die 5de het nie soos die normale vergaderings gesluit nie. Dus was daar geen tyd van daardie kennisgewings wat u van praat van die petisies nie, want die mense het sommer daar weggeloop.

<u>HOF</u> : Is u seker dat u en die getuie op dieselfde golflengte is? Dit wil voorkom asof die getuie dink dat u stel dat daar gesê is dat daar was tyd vir 'n petisie om hier op hierdie vergadering te teken by die end daarvan.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Nee, dan is ons nie op dieselfde golflengte nie. Die stelling is dat mnr. Dlamini op die vergadering gesê het as mense ontevrede was oor die huurverhoging, dan

kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

kan hulle 'n petisie optrek en later aan die raad voorlê. -- Dit het nie gebeur nie. Toe ek die saal verlaat het, was ek saam met die gemeenskap. Dit wil sê die gehoor wat daar was. Sonder dat sulke woorde deur Dlamini gebesig was.

HOF : Daar is nie van petisies gepraat nie? -- Glad nie by hierdie vergadering van die 5de nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Het u self die kennisgewing wat die Stadsraad uitgestuur het om die huurverhoging aan te kondig gelees? Die kennisgewing wat in die Staatskoerant ook verskyn het?

HOF : Moenie die vraag baie moeilik maak nie. U kan haar òf vra of sy die Staatskoerant kry of lees òf u kan haar vra of sy die kennisgewig gekry het. Maak u keuse.

MNR. HANEKOM : Ek is jammer, ek sal dit beperk toe die kennisgewing wat die Stadsraad uitgestuur het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Die vraag was of sy self die kennisgewing dat die huur verhoog word gelees het? -- Ja, ek het dit gelees.

MNR. HANEKOM : Was daarin nie gemeld dat indien daar besware was dit geopper kon word teen die verhogings nie? --Dit het duidelik daar geskryf gestaan dat dit wel die posisie was, dat die gemeenskap griewe kan opper, maar toe ons na hierdie vergadering toe gegaan het, was dit met die oog daarop dat ons nou daar verduidelik gaan word hoe om dit te doen deur die mense by die vergadering, wat die prosedure is wat gevolg word ten opsigte van die griewe daar.

Het useIf of enigiemand anders op die vergadering gevra

wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

wat die prosedure is? -- Die vergadering was nog nie gesluit nie. Ek het verwag dat dinge eers bespreek sou word en dan net voor die einde, dit wil sê die sluiting van die vergadering, sal dit dan bespreek word wat gedoen kan word ten opsigte van die griewe.

HOF : Mnr. Hanekom, wat is die doel van hierdie kruisondervraging? Ek het dit altyd gehad dat die huurverhoging op finaal besluit was? As 'n mens griewe het, het jy griewe en dan lug jy jou griewe, maar daar was 'n finale besluit van die Stadsraad dat die huur verhoog word.met ingang 1 September. Toevallig het dit nie so gekom nie, omdat daar een of ander administratiewe rompslomp was wat nie nagekom is nie, maar wat is die doel van hierdie kruisondervraging?

MNR. HANEKOM : Net om te toets wat die persepsie van die mense was en van die getuie self of hulle enigsins dit in gedagte gehad het of oorweeg het om beswaar te maak teen die huurverhoging en of hulle net eenvoudig teen die raadslede ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Ek verstaan dat dit mnr. Bizos se saak is dat daar 'n petisie opgestel is by al hierdie vergaderings juis om daarteen beswaar te maak en u saak is juis so 'n petisie was nie opgestel nie. Nou waar gaan die kruisverhoor heen?

MNR. HANEKOM : Dit is so. Ek sal die aspek nie verder neem nie. Die vrou wat vir raadslid Kolisang gaan klap het, ken u haar? -- Ja, ek ken haar. Sy is 'n lid van Bafutsana Partytjie.

Wie is sy? -- Sy is bekend aan ons as mevrou Motloung.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wat is die party se naam presies? Bafutsana of Bafutswana? -- Bafutsana.

Daar was 'n hele paar keer gepraat van Bafutswana.

Dit/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Dit is verkeerd? -- Dit is ꞌn Sotho-woord vir ꞌn arm persoon. Dit is Bafutsana.

MNR. HANEKOM : Het die vrou enige rede gehad om so op te tree? Het enige van die raadslede vir haar so ꞌn aanleiding gegee?

HOF : Wat toets u nou? Of die vrou by haar volle verstand was of nie by haar volle verstand was nie?

MNR. HANEKOM : Nee, wat die gesindheid van die inwoners was teenoor die raadslede op daardie vergadering en van daardie tydstip af aan tot met die gebeure op 3 September.

HOF : Ja? -- Wat is die vraag weer?

MNR. HANEKOM : Het mnr. Kolisang die vrou wat hom gaan klap het enige aanleiding gegee om so op te tree? -- Wat ek daar gesien het, was dat mev. Motloung se vraag was eintlik bedoel vir raadslid Mokate. In plaas daarvan dat Mokate die vraag antwoord wat eintlik vir hom bedoel was, het Kolisang toe geantwoord. Dit is al rede wat ek gesien het wat dit veroorsaak het.

Het enigiemand op die vergadering gesê dat die raadslede wat daar op die verhoog sit is ꞌn klomp "puppets"? -- Ja, al kan ek nie sê wie dit was nie, maar ek het ꞌn stem gehoor wat daardie woord gebesig het.

Het enige van die raadslede daarop gereageer? -- Reagering van die raadslede?

Het enige raadslid iets daarop te sê gehad? -- Ja, na die woord gebesig was, het raadslid Dlamini toe opgestaan en daarop gereageer.

Wat het hy gesê? -- Hy het eintlik iets gesê wat ek soos volg verstaan het, dat hy bedoel het dat hulle is in die beheer, hulle is in die raad, wat ook al gesê word van

hulle/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hulle, hulle bly in beheer.

HOF : Wat sê u is ŉ "puppet"? -- As ŉ mens die woord gebruik in my teenwoordigheid, neem ek aan die persoon gebruik daardie woord vanaf die woord van ŉ klein hondjie ŉ "puppy" en as hulle die woord "puppet" gebruik, verstaan ek dit beteken dit is ŉ klein hondjie wat eintlik niks kan doen nie, wat eintlik niks beteken nie.

MNR. HANEKOM : Het enige van die raadslede op die vergadering gesê dat dit die beleid van die raad was om die woongebiede op te hef en dat die mense nie verbaas moet wees as die huur een van die dae styg tot R100,00 per maand nie? -- Ja, ek onthou dat een van die raadslede sulke woorde gebesig het.

HOF : Wat het hy gesê? -- Wat die persoon gesê het is dat as ons verbeterings aanbring aan die huise of enige projek aanpak in hierdie woonbuurt, moet julle een ding besef, dat op die ou end sal dit nodig wees dat julle R100,00 of meer per maand betaal vir huur.

MNR. HANEKOM : Watter raadslid het so gesê? -- As ek nie ŉ fout begaan nie, want dit is ŉ ding wat lank gelede plaasgevind het, dink ek dit was raadslid Dlamini wat dit gesê het.

U het getuig dat Paul Nhlapo op die vergadering gevra het - aan die raadslede gevra het "Hoe kan julle die huur verhoog?" Het iemand hom geantwoord? -- Nie onmiddellik nie, want die prosedure daar was mense het vrae gevra, dat daar ŉ aantal vrae gewees het wat aangeteken is.Dan sal die vrae beantwoord word deur iemand.

Wel, is sy vraag uiteindelik beantwoord? -- Nie sover as wat ek kan onthou nie.

Raadslid/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Raadslid Mofokeng het getuig dat mnr. Dlamini hom geantwoord het en gesê het dat hierdie versoek vir die verhoging van huurgeld is as gevolg van julle versoek vir die projekte wat die raad moet uitvoer in die woongebied en die geld gaan daarvoor benodig word? -- Daar was geen so ŉ antwoord gewees nie.

K1021 Het ene Mokhema op die vergadering gepraat of ŉ vraag gevra? -- Ek kan nie onthou dat hy iets te sê gehad het by hierdie vergadering nie.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Wat is die man se naam? -- Ek weet van twee Mokhema's, maar watter een van die twee na verwys word weet ek nie.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Dit was die getuienis van raadslid Mofokeng dat hierdie Mokhema gevra het is daar nie ander bronne van waar die Stadsraad die geld kan kry nie? -- Dit moet mooi verstaan word. Ek sê nie dat Mokhema nie gepraat het hier nie, maar ek onthou nie ŉ Mokhema wat aan my bekend is wat enigiets te sê gehad het by hierdie vergadering nie.

Het mnr. Kolisang op die vergadering gepraat? -- Ja, dit is so.

Wat het hy gesê? -- As ek sy woorde nou goed kan onthou en opsom, is die volgende wat hy gesê het, dat mense, met verwysing na die ander raadslede, laat ons hierdie mense, dit wil sê die gehoor, die hele waarheid sê dat ons die mense is, die persone, wat eintlik die huurgeld verhoog het en ons het die mag om dit te doen, dat hulle dan enige stappe neem indien hulle so verkies. Dan weet hulle wat die waarheid is.

Het hy verwys na die Administrasieraad? -- Ek het alreeds gesê dat ek nie alles kan onthou wat hy gesê het nie, maar dit wat ek nou net aangehaal het, is wat ek onthou.

Weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Weet u of daar van die raadslede gedurende Julie reeds vergaderings gehou het om die verhoging van die huurgeld te verduidelik in Sharpeville? -- Ek dra geen kennis daarvan nie. Die eerste keer wat ek hiervan bewus geword het dat raadslede dit verduidelik was op die 5de se vergadering.

Het enigeen op die vergadering van 5 Augustus gesê dat daar nie beswaar gemaak moet word teen die verhogings wat aangekondig is nie?

HOF : Mnr. Hanekom, 5 Augustus se vergadering is nie eers een wat in die akte van beskuldiging genoem word nie, ook nie in die besonderhede nie. Hy is baie, baie min ter sake in die uiteindelike doel van hierdie saak. Ons het nou 'n oggend daaraan spandeer amper. Die saak waar dit oor gaan is wat hierdie getuie en ander persone gesê het op sekere ander vergaderings in die St Cyprians Kerk. Ek dink dit is een of ander tyd dat ons daarby uitkom. Ons kan nie hier rondfoeter met 'n klomp goed wat baie, baie terloops dalk ter sake kan wees nie. Ek is nie hier besig met 'n sosio-politieke ondersoek nie.

MNR. HANEKOM : Ek sal u dan nie verder vra oor hierdie vergadering nie. Wat het u gedurende Augustus 1984, indien enigiets, geweet van die Vaal Civic Association? -- Ek het niks geweet van die Vaal Civic Association in die jaar 1984 nie.

Het u enigsins geweet dat daar so 'n organisasie bestaan? -- Ek het nie eers geweet van die bestaan van so 'n organisasie nie.

Wanneer het u die eerste keer van sy bestaan bewus geword? -- Eers na ek by CCAWUSA begin werk het, het ek vir die eerste keer gehoor dat daar gepraat word van die organisasies.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Dit was in? Wanneer het u daar begin werk? -- Dit was Meimaand 1986.

MNR. HANEKOM : Ons kom by 10 Augustus 1984 toe u besoek is deur beskuldigde nr.3 by die kantore. Wat het beskuldigde vir u gesê was die doel van sy besoek?

HOF : As ek reg onthou is dit in hoofgetuienis gesê dat hy vir haar gesê het hy soek mnr. Hlubi en hy wil graag pamflette laat maak of het ek dit verkeerd?

MR BIZOS : Not Hlubi.

HOF : Masia. Phillip Masia. Het ek dit verkeerd?

MNR. HANEKOM : Ja, daar is net ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hoekom wil u dit weer hoor?

MNR. HANEKOM : Nee, daar was nog ꞌn ander kwessie wat ook bespreek was.

HOF : Kom ons begin by die ander kwessie.

MNR. HANEKOM : Het hy enigiets oor die huur met u bespreek op daardie stadium? -- Nee, die eerste ding wat hy daar met my bespreek het, was dat hy daar was op soek na Phillip Masia.

Het hy op daardie stadium vir u die konsep pamflet wat hy gehad het getoon? -- Eers na ek gesê het, die persoon wat hy na kom soek het nie daar was nie, het hy eers vir my gesê wat die doel van sy besoek was en toe die dokument wat hy gehad het, die pamflet, aan my getoon.

Ek wil aan u die pamflet AN15(v) toon. Dit is die pamflet wat uiteindelik deur julle opgestel is. U stem saam dit is die pamflet wat julle uiteindelik uitgebring het? -- Nee, die vraag is nie vir my duidelik nie. Bedoel u dat dit die bewoording is en die pamflet wat deur eerwaarde Moselane daar gebring was?

Nee, luister maar net. Dit is die pamflet wat

uiteindelik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

uiteindelik deur julle gemaak was en wat versprei was? -- Ja, na die besprekings wat tussen ons uitgevoer was, het ek hierdie een getik.

Hoe het die konsep pamflet van beskuldigde nr. 3 verskil van hierdie pamflet? -- Dit verskil in die opsig. Byvoorbeeld die hoof daar bo "Asinamali" was nie daar gewees nie en tweedens, dit het hy gerig aan die lede van die kerk en nie aan die inwoners nie. Hierdie een is gerig aan die inwoners. Sy tyd van die begin van die vergadering sou 13h00 gewees het, maar na aanleiding van die besprekings het ons ooreengekom dat dit 14h00 moet wees. Dus was dit verander.

Op watter stadium van die besprekings tussen u en beskuldigde nr. 3 het Peter Hlubi daar aangekom? -- Dit was terwyl eerwaarde Moselane besig was om aan my te verduidelik hoekom dit gebeur het dat hy gebeur het om die vergadering te roep, dat Hlubi daar ingekom het.

Toe die pamflet bespreek was, was Peter Hlubi toe al teenwoordig? -- Ja, hy het daar opgedaag terwyl ons besig was met die bespreking.

Om die pamflet te bespreek? -- Ja, dit is so.

Want ek wil dit aan u stel dat Hlubi eers daar aangekom het nadat die kwessie van die pamflet klaar bespreek was? -- Ek verskil nie van sy getuienis nie, maar wat ek kan onthou wat daar gebeur het, is dat toe Hlubi daar gekom het, was ons nog steeds besig om besprekings te voer oor hierdie pamflet.

Hoe het dit gekom dat u betrokke geraak het by die verdere reëlings van die vergadering van 12 Augustus? Het u dit self aangebied of het beskuldgide nr. 3 vir u gevra of wat het gebeur? -- Ek het alreeds hier vir die hof verduidelik

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat ek teenwoordig was by die vergadering van 5 Augustus. Na ek by hierdie vergadering was, het die werkers, dit wil sê die gemeenskap my kantoor besoek waar ek werk en terwyl hulle gewag het om bedien te word, het hulle die aangeleentheid van die verhoging van die huur bespreek. Dit het my ook betrek, in die sin dat ek gesê het dat ek ook daar was by hierdie vergadering. Terloops, na beskuldigde nr. 3 daar gekom het en gepraat het van hierdie wat hy besluit het vir sy gemeente, na aanleiding van dieselfde verhoging van huur wat my bekommer het as gevolg van die lede van die unie wat daar gekom het, het ek toe deelgeneem en met hom dit bespreek wat dan die gemeenskap betrek het. Dit is hoe ek nou betrokke geraak het met hierdie vergadering se reëlings.

Het u vir nr. 3 gesê u wil graag saam met hom werk of het hy vir u gevra "Sal jy my kom help en saam werk?" of hoe het u betrokke geraak? -- Ek het aan gesê dat ek probleme het met die mense wat hier kom wat hierdie aangeleentheid met ons wil bespreek en ek weet nie wat om met hulle te bespreek nie. Dus het ek hom gevra dat hierdie vergadering van hom oopgemaak moet word vir die algemene gemeenskap om hulle opinie ook daar te gaan bespreek met ander mense. Ek het toe later ingestem dat aangesien Phillip nie nou daar is nie, sal ek vir jou hierdie pamflet tik. Dit is hoe ek nou betrokke geraak het in die tikwerk van hierdie pamflet.

Het beskuldigde nr. 3 gevra dat u hom help op die vergadering van 12 Augustus? -- Nee, hy het my nie versoek nie. Wat ek wel van weet is dat ek gewillig was om die vergadering by te woon sodat ek die oplossing hiervan ook daar kon hoor, wat besluit is.

Het beskuldigde nr. 3 vir Peter Hlubi gevra om hom

te/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

te help by die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Waar ek teenwoordig was of binne my gehoor, het ek dit nie gehoor nie, maar ek sal nie kan sê of hulle nou iewers daaromtrent gepraat het waar ek nie by was nie.

Want ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 3 se getuienis was hy het daar vir uself en vir Peter Hlubi gevra om hom te help by die vergadering van 12 Augustus? -- Dit is miskien dat hy dit so onthou, maar wat ek onthou is dat ek het hom gevra om die vergadering algemeen te maak vir die gemeenskap as 'n geheel. Dit is wat ek onthou.

Hy het selfs verder gegaan en gesê hy het spesifiek vir Hlubi gevra, beskuldigde nr. 3 het vir Hlubi gevra dat hy op die vergadering van 12 Augustus die notule moet hou van die verrigtinge? -- Nee, ek betwis nie sy getuienis in daardie opsig nie, maar wat ek wel sê is dat die dag van die vergadering het ons bymekaar gekom by beskuldigde nr. 3 se woning. Dit is waar besluite geneem was dat Hlubi daardie gedeelte en daardie rol moet speel en dat die predikant die doel van hierdie vergadering bekend sal maak na die vergadering begin het.

Sê u dan dat beskuldigde nr. 3 is verkeerd as hy vir die hof sê dat daar op 10 Augustus 1984 in u kantore is dit al bespreek en het hy vir Peter Hlubi gevra om die notule te kom hou op die vergadering? -- Ek sê nie hy maak 'n fout nie. Wat ek sê is, dit is hoe hy onthou en dit is wat ek onthou dit wat ek nou net vertel het. Dit sal wees omdat dit lank gelede plaasgevind het.

Is dit omdat hierdie gebeure so lank gelede plaasgevind het dat u nie meer presies seker is van wat alles daar gebeur het nie? -- Dit is normaal vir 'n mens om belangrike

dinge/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dinge nie te vergeet nie. Eintlik dinge wat nie maklik vergeet kan word nie. Daar is wel dingetjies waarop 'n mens nie baie ag slaan nie en die goed is maklik om te vergeet.

Het beskuldigde nr. 3 op daardie dag, 10 Augustus 1984 die kwessie van veertig of so behoeftige mense in sy gemeente wat dringende hulp nodig gehad het met julle bespreek? -- Herhaal die vraag?

Het beskuldigde nr. 3 op 10 Augustus 1984 waar julle samesprekings gevoer het in die kantore van die unie die kwessie geopper dat daar veertig - sowat veertig mense in sy gemeente is wat baie behoeftig is en wat eintlik dringende hulp nodig gehad het? -- Dit is moontlik dat dit bespreek was, want ek sal dit vir u so verduidelik. Terwyl beskuldigde nr. 3 daar teenwoordig was by die kantore van die unie, tesame met Hlubi, het die lede van die unie ook daar aangedoen wat bedien moet word deur my. So, ek was op 'n stadium besig moontlik om iets te kry of weg te stap, terwyl hulle nog voortgegaan het met die besprekings van verskillende dinge. So, ek kan nie betwis en sê dat dit nie gebeur het nie.

Wat sê u wat was die doel van die vergadering op 12 Augustus? Wat was die eintlike doel van daardie vergadering? -- Dit was om die verhoging van die huur te bespreek.

Het die drie van julle, uself, Hlubi en beskuldigde nr. 3 daar ooreengekom wat bespreek gaan word in verband met die verhoging van huur op 12 Augustus? -- Die vraag is nie vir my duidelik nie.

Het u op 10 Augustus 1984 tussen die drie van julle ooreengekom wat julle gaan bespreek op die vergadering in verband met die verhoogde huur? -- Al bespreking waaroor ons ooreengekom het was dat die vergadering die 12de

gehou/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gehou gaan word waar die verhoging van die huur bespreek moet word.

Het julle op 10 Augustus afgespreek wie die sprekers sou wees op die vergadering van 12 Augustus? -- Nee, nie op die 10de nie. Daar was geen besluit geneem daaromtrent nie.

Is daar bespreek wie die voorsitter sou wees by die vergadering van 12 Augustus? -- Ek kan nie onthou dat dit op die 10de bespreek was nie.

Het die drie van julle op daardie stadium om ŉ soort van ŉ komitee te vorm oor hierdie huuraangeleentheid? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was hoegenaamd geen besluit wat op die 10de geneem was nie.

Het julle op enige stadium daarna besluit julle is ŉ komitee, julle beskou julle self as een of ander komitee? -- Ons was glad nie ŉ komitee gewees nie.

Want ek wil dit aan u stel dat beskuldigde nr. 3 het getuig dat hy dit beskou het dat julle drie is ŉ <u>ad hoc</u> komitee van die "Perish council", soos hy dit gestel het? -- Ek onthou nie van ŉ plek waar ons die besluit geneem het dat ons nou ŉ komitee is nie.

En later aan mnr. Kevin Harris op 26 Augustus 1984 het beskuldigde nr. 3 gesê dat julle was ŉ soort van ŉ loodsingskomitee? -- Miskien is dit wat hy gedink het in sy gedagte dat ons beskou kan word as ŉ komitee. Ek weet nie daarvan nie.

Mnr. Hlubi het dit ook nie ontken nie. Hy was daar by waar beskuldigde nr. 3 vir mnr. Harris gesê het julle is ŉ loodsingskomitee? -- Ek sal dit nie betwis nie en ek sê ook nie dat ek dit betwis nie, want na hierdie vergaderings het die mense ons name genoem. Byvoorbeeld "Asinamali

mense/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

mense" of die "komitee" en dus wat ek sê is dat daar was hoegenaamd geen besluit geneem deur ons spesifiek waar ons gesê het nou besluit ons dat ons gaan dien as ŉ komitee nie.

Op 12 Augustus 1984 was daar enige bespreking tussen u, Peter Hlubi en beskuldigde nr. 3 voor die vergadering? -- Ja, dit is so.

Wat is daar bespreek? -- Wat tussen ons daar bespreek was, was die volgende. Dat beskuldigde nr. 3 gaan dien as ŉ voorsitter van hierdie vergadering. Dus was sy pligte om die gemeenskap in te lig waaroor hierdie vergadering gaan en tweedens, dat Hlubi daar gaan optree as ŉ sekretaris wat notule hou as gevolg van sy mooi handskrif. Derdens, dat ek die persoon gaan wees wat kortliks die gemeenskap gaan inlig van wat bespreek was by die vergadering van die 5de wat ek bygewoon het.

Is dit al? -- Dit is sover as wat ek kan onthou.

Hoe het dit ter sprake gekom die vergadering van die raadslede van 5 Augustus dat dit geopper moes word by hierdie vergadering? -- Hoe ons dit begin bespreek het was op die volgende manier. Volgens beskuldigde nr. 3 het die lede van sy gemeenskap nie die vergadering van die 5de bygewoon nie en tweedens, na my mening die vergadering van die 5de se bywoning was nie so goed gewees nie. Dit wil sê die getal mense daar was nie groot nie. Dus het ons nou besluit dat aangesien die lede van die gemeenskap van beskuldigde nr. 3 van die gemeente nie by hierdie vergadering was nie, weet hulle nie wat daar bespreek is nie. Ek as ŉ persoon wat daar was, sal hulle kortliks moet inlig van wat daar gesê is om dan daarvandaan die huur te begin bespreek.

U het later op die vergadering inderdaad so ŉ verslag

gelewer/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gelewer oor wat gebeur het op die vergadering van die 5de. Is dit reg? -- Ja, dit is so. Na die opening van die vergadering deur die voorsitter en sy opmerkings, is ek toe ŉ kans aangebied om te kan sê aan hierdie gehoor wat by die 5de se vergadering bespreek is.

Vertel asseblief kortliks vir die hof wat het u verslag behels? Hoe het u vir die mense gesê wat het gebeur? -- Ek sal nie in staat wees om dit in breë trekke te kan verduidelik nie, maar ek sal kortliks dit vir die hof so stel. Ek het daardie vergadering ingelig dat ons by die vorige vergadering van die 5de gesê was van die verhoging van huur en aan hierdie vergadering redes genoem wat aan ons verskaf was by die 5de se vergadering as redes wat veroorsaak het dat die huur verhoog moet word. Ek het toe hierdie vergadering ingelig dat daar geen resolusies by daardie vergadering geneem was aangaande die kwessie van verhoging op huur nie. Ek het toe verder aan die mense gesê dat die gehoor by die vergadering van die 5de het voorgekom asof hulle nie tevrede was met die verhoging van die huur nie. Dus stel ek voor aan hierdie vergadering dat ons die raadslede nooi om beter te kom verduidelik aangaande hierdie verhoging. Ek het toe verder oorgedra aan hierdie verhoor op die 12de dat ek ŉ kennisgewing gesien het oor die verhoging van die huur wat met ingang vanaf ŉ sekere datum was en dat daar griewe voorgelê kan word, maar by die vergadering van die 5de was dit nie aan ons as ŉ gehoor daar verduidelik wat die prosedure is wat gevolg moet word om die griewe dan oor te dra nie. Na ek melding gemaak het van hierdie kennisgewing by hierdie vergadering, was die meeste van die mense nie daarvan bewus nie. Dus wou hulle meer geweet het van

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die inhoud van hierdie kennisgewing. Na aanleiding van die feit dat ek ook nie so goed op hoogte was van wat die prosedure is om gevolg te word met die griewe nie, was ek dus nie in staat gewees om dit dan te kan verduidelik aan hierdie gehoor nie. Dit is soveel as wat ek kan onthou wat ek daar gesê het.

Wat het geword van u voorstel dat julle die raadslede moet uitnooi om met hulle te praat? -- Sedert die tyd wat ek daarvan melding gemaak het, het die gehoor geen belang daarin getoon nie. In plaas daarvan het hulle meer belang (10) getoon in hierdie kennisgewing waarvan ek melding gemaak het want hulle het daaromtrent begin uitvra.

Is die gedagte dat die raadslede uitgenooi moes word toe nooit verder geneem op enige stadium nie? -- Nie wat ek van kan onthou by hierdie vergadering van die 12de nie. Ek kan van niemand onthou wat eintlik daarop aangedring het om dit uit te ver nie.

HOF : Waarom het u die voorstel nie gemaak aan beskuldigde nr. 3 voor die vergadering sodat die raadslede voor die vergadering genooi kon wees en op die vergadering teenwoordig (20) kon wees nie? -- Ek het dit goed gedink om dit by die vergadering te noem, want na my mening sou daar van die mense gewees het wat by die raadslede se vergadering teenwoordig was wat bewus is van wat daar gesê is wat dit beter sou verstaan het as ek hierdie voorstel maak, dat hulle dan kan besluit of ons hulle roep vir 'n verdere verduideliking of nie.

MNR. HANEKOM : Is die rede waarom die voorstel van u nooit daadwerklikheid geword het nie dit dat julle gekant was teen die hele raadstelsel en teen die raadslede as sulks nie (30)

en/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

en julle het nie rêrig belang gestel om met hulle te praat nie? -- Nee, u moet onthou, die vergadering van die 12de was die heel eerste vergadering wat belê was deur die gemeenskap sonder dat dit deur die raad belê is. Dus het ons nog nie geweet wat die gemeenskap se gevoel was teenoor die raadstelsel nie.

Maar het u nie gesien wat was die gemeenskap se gevoel by die vergadering van 5 Augustus nie? -- Ek het hier vir die hof gesê dat die bywoning van hierdie vergadering van die 5de was nie so goed nie. Dit wil sê daar was maar baie min mense in vergelyking met die gemeenskap van Sharpeville. Dié se gevoel was dat hulle nie tevrede is nie. Dus kon 'n mens nie daardie minderheid van die inwoners van Sharpeville se gevoel op die meerderheid van die inwoners plaas en sê dat dit die gevoel is van die inwoners nie.

Is die posisie nie dat die raadstelsel alreeds voor die verkiesings van November 1983 verwerp was in die woongebiede nie? -- Dit is nie die waarheid nie. Net voor die verkiesings gehou was, was ons druk besig gewees met die mense daar om die mense te werf om 'n persoon te kies wat deur ons gekies is aan die raad.

Het uself ôf Peter Hlubi ôf beskuldigde nr. 3 enigsins propaganda teen die raadslede of die raadstelsel uitgespreek op die vergadering van 12 Augustus 1984? -- Nee, glad nie. Dit is juis die rede dat ek die voorstel gemaak het dat die raadslede genooi moet word, want wat my betref was daar niks verkeerd met hulle nie. Ek was op goeie voet met hulle gewees.

Is die raadslede deur enigeen van julle drie blameer vir die huurverhogings op die vergadering? -- Ek verstaan

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie die blamering nie. Wat bedoel u daarby?

Het julle hulle verkwalik vir die huurverhogings? -- Nee, dit is nie korrek nie, maar wat ek vir die hof kan sê is dat by die vorige vergadering van die 5de het Kolisang gesê aan die gehoor daar dat hulle wat raadslede is moet nou die waarheid praat en dit bekend maak aan die mense dat hulle verantwoordelik was vir die verhoging van die huur, maar dit beteken dus nie dat ons by hierdie vergadering van die 12de hulle nou daar moes gaan blameer het nie. Die doel van die belê van hierdie vergadering was om oplossings te vind wat meegebring kan word deur die verhoging van huur.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Dit is nie duidelik nie. Om oplossings te vind wat meegebrig kan word deur die verhoging van huur? -- Wat is die vraag?

Dit is nie vir my duidelik wat se oplossings u bedoel nie. U antwoord was "Die doel van die vergadering was om oplossings te vind wat meegebring kan word deur die verhoging van die huur." -- As dit nou ŉ antwoord is op u vraag. Wat ek sê is die volgende. Die vergadering van die 12de was belê omdat daar griewe was deur die gemeenskap in die gemeente van beskuldigde nr. 3, sowel as die werkers wat by my aangedoen het in die kantoor. So, ons het besluit om hierdie vergadering te hou met die oog daarop om te verhoed dat daar verhoging in werking gestel moet word.

Dit is duidelik, dankie.

MNR. HANEKOM : Is daar op die vergadering deur enige spreker kritiek uitgespreek teen die optrede van die raadslede? -- Ek kan nie van ŉ spreker onthou wat in sy toespraak kritiek uitgespreek het teenoor die raad nie.

Het niemand uit die gehoor gesê dat die raadslede in

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die tyd van hulle verkiesings belowe het dat daar nie huurverhogings sal wees nie? -- By hierdie vergadering van die 12de kan ek nie onthou dat daar so iets gesê is nie, maar ek sal nie sê dat dit nie gebeur het nie.

Met ander woorde, u kan dit net nie onthou nie? -- Ja, ek onthou dit nie.

Wel, ek wil dit net aan u stel dat beskuldigde nr. 3 getuig het dat dit wel gebeur het. Iemand uit die gehoor uit het die raadslede gekritiseer omdat hulle nie hulle verkiesingsbeloftes nagekom het nie? -- Ek kan nie betwis wat eerwaarde Moselane onthou nie.

Wat is op die vergadering bespreek? Hoe sou julle kon verhoed dat die huurverhogings in werking tree? -- Met die opening van hierdie vergadering het eerwaarde Moselane aan die gehoor verduidelik dat hy baie lede het in sy gemeente wat pensioenarisse is en hy het baie van die mense wat graag sal wil weet wat gedoen moet word en toe verder verduidelik dat hulp of raad gevind moet word so gou as moontlik. Met dit het hy melding gemaak van die petisie wat hy toe begin beskryf het aan die gehoor. Hy het toe gepraat van die "court interdict" en toe ook melding gemaak daarvan dat ons al die maniere sal moet probeer om die verhoging te stop. Ons sal raad ook moet gaan soek by die prokureurs of die regsmanne.

Is dit voor die vergadering tussen die drie van u, Hlubi, uself en beskuldigde nr. 3, bespreek dat julle aan die hand sou doen 'n petisie en 'n hofinterdik as oplossings? --Nee, dit was nie voor die vergadering bespreek nie. Dit was wel gemeld deur die eerwaarde binne-in die vergadering terwyl hy nou sy opmerkings gemaak het.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : So, die plan was vir u heeltemal ŉ verrassing. Die idee van ŉ petisie en die idee van ŉ hofinterdik? -- Heeltemal reg. Op die stadium toe hy melding daarvan gemaak het was ek verras gewees, want ek het nie eers geweet hoe ŉ mens die petisie kan beskryf wat dit is nie.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 3 op die vergadering verduidelik wat ŉ petisie behels en wat ŉ hofinterdik behels? -- Ja, in ŉ lang verduideliking het hy dit gedoen. Al kan ek nou nie onthou wat hy alles gesê het nie.

Het hy gesê wat met die petisie gedoen moes word as daar ŉ petisie opgestel sou word? -- Wat ek opgemerk het met betrekking tot hierdie petisie van hom is dat hy nie heeltemal duidelik was nie, want op ŉ stadium het hy gesê dat hy die regsmanne ook sal moet gaan raadpleeg met verdere prosedure van die petisie, wat dit vir my duidelik gemaak het dat hy ook self nie so goed duidelik is nie. Hy het wel daarop aangedring dat ŉ petisie gestuur sal moet word na die raad of die raadslede.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

K1022 MR BIZOS : Accused no. 19, Mr Molefe, is back in court and whilst I am on my feet, may I hand to the court orderly the application for bail.

COURT : When is it intended to bring the application?

MR BIZOS : We spoke to the attorney-general some time ago. We gave informal notice to the State about - Mr Tip and Mr Fick have been speaking about it as to the basis of the application. We will now be - it is a short application - in the hands of the State but obviously the sooner - Your Lordship's assessor requires for the signatures to be filled

/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in and I can do that later. It has just been signed and we are waiting for Mr Molefe to return. We do not know how much they are going to require or what they are going to say. We undertake to take no more than 48 hours in relation to any reply that we may have to submit, but we will be in Your Lordship's hand and what the State will have to say in relation to the time required but they have for some time known what it is about.

COURT : Very well. I was a bit surprised to read in the Pretoria News of Tuesday that that day the bail application would be brought, having not heard anything about it in court.

MR BIZOS : I do not know who informed them about that.

COURT : I did not think it quite proper that somebody spoke to the press outside this court about matters to be brought in this court.

MR BIZOS : I saw a newspaper report in the Star I think at the end of last week, but I think that they picked it up and in the Sowetan, but I think that it was picked up as a result of what I said in open court to Your Lordship. I saw it a couple of days later.

COURT : No, on Tuesday it was stated "Today the bail application will be brought."

MR BIZOS : Well, I do not know who told them that. We were hoping to have it before Your Lordship on Monday, but Your Lordship will see - Monday that has passed. Please do not look for a schedule of police stations, because that is really - Your Lordship's previous order is annexed for Your Lordship's convenience, but in that there is a reference to a schedule.

COURT/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

COURT : The schedule is not added?

MR BIZOS : The schedule is not added because it is something that will have to be debated.

MNR. JACOBS : Net toe ons terug hof toe gekom het 11h00 vanoggend ŉ afskrif gekry wat toe nie geteken as nie. Dit is dadelik vir mnr. Fick gegee om daarop te werk. Ons sou, as ek reg verstaan het - mnr. Bizos het vir ons kennis gegee dat die aansoek verlede week en Dinsdag sou gekom het. Dit het toe nou nog nie gekom nie. Ons het op hete kole gesit al die tyd oor wat gaan, wat is die stellings wat gemaak word om te ondersoek. Hulle is besig om te ondersoek en om antwoordende verklarings te kry as dit nodig is. So, ek kan nie vir die hof sê dat binne ŉ baie kort tyd nie. Ek wil vra tot volgende week en Vrydag toe.

HOF : Wel, u kan my miskien nou nadat u dit bestudeer het en ŉ bietjie daaroor gedink het, môre meedeel wat u skatting is hoe lank u nodig het, dan kan ons dit bespreek.

MNR. JACOBS : Soos dit u behaag.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Ons is nog steeds besig met die vergadering van 12 Augustus 1984.
Het beskuldigde nr. 3 op die vergadering aan die gehoor vertel hoe die verhoogde huur die mense sou affekteer? -- Ja, hy het.

Wat het hy gesê? -- Sy bekommernis was oor die bejaardes wat lede was van sy gemeente wat hy gevoel het sou geaffekteer word.

Is dit al? Het hy net die bejaardes genoem? -- Hy het dit nie net op dit beperk nie. Hy het baie dinge daaromtrent gesê, ingesluit die werklose persone.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan u nog onthou? Hy het die bejaardes genoem en die werkloses? -- Ek onthou duidelik toe hy gepraat het van die bejaardes, die pensioenarisse, met ander woorde.

Kan u die res van wat hy gesê het nie onthou nie? -- Nie op die huidige oomblik nie.

U geheue is nie baie goed op wat beskuldigde nr. 3 alles gesê het op die aspek nie? -- Wat ek duidelik kan onthou is dat hy melding gemaak het van die petisie, die "court interdict" en die bejaardes in die sin dat die bejaardes se moeilikheid sou gewees het hoe gaan hulle dit bekostig. Dit onthou ek duidelik.

Het beskuldigde nr. 3 enigsins na raadslede verwys in sy toespraak? -- Ek kan nie so goed onthou of hy enige verwysing gemaak het na die raadslede nie, maar dit kan wees dat hy van die raadslede gepraat het.

Maar u weet dit glad nie? U kan glad nie onthou of hy daaroor gepraat het of wat hy gesê het nie? -- Op die einde van die vergadering is die resolusies van die vergadering gelees. Ek onthou dat hy daar by die resolusies gelees het dat die gemeenskap se beroep was dat die raadslede moet bedank.Dus, hy het dit weer herhaal in die lees van die resolusies dat dit die voorstel was wat aanvaar is as 'n resolusie.

Behalwe die lees van die resolusies, ek het u nie daaroor gevra nie, in sy toespraak in die vergadering, het hy na raadslede verwys of nie of kan u nie onthou nie? -- Soos ek alreeds gesê het, ek onthou dat hy hier melding daarvan gemaak het dat die raadslede kry nie die bejaardes, die pensioenarisse jammer nie.

Ek wil dit net duidelik kry. U praat nou nie van die

resolusies/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

resolusies nie? Het hy dit in sy toespraak gemeld? -- Terwyl die vrae aan my so gestel word, het ek probeer terugdink. Nou onthou ek dat hy in sy toespraak gesê het dat die raadslede nie jammer voel vir die bejaardes nie, vir die rede dat die huurgeld verhoog word.

Wel, beskuldigde nr. 3 het getuig dat hy hoegenaamd nie verwys het na raadslede nie en hy het nog bygevoeg dat dit ŉ vergadering was oor huur en nie oor raadslede nie? -- Dit is sy getuienis. Dit is wat hy miskien in gedagte gehad het toe hy die vergadering belê het of toe hy met die vergadering daar te doene gehad het. Maar wat my byval na aanleiding van die vrae wat aan my gestel word, is dat in sy toespraak toe hy iets te sê gehad het oor die bejaardes, het hy hiervan melding gemaak dat hulle nie jammer voel vir die bejaardes nie.

Het Peter Hlubi in sy toespraak aan die mense gesê hoe die verhoogde huur die mense sal affekteer? -- Peter Hlubi se toespraak was ook oor die huur en ek kan net nie sy woorde onthou wat hy presies gesê het behalwe dat ek vir u kan sê dat hy in sy toespraak oor die huur gehandel het nie. Die rede dat ek eintlik nie so goed kan onthou van sy verhaal in die toespraak nie, is dat hy is ŉ persoon wat baie vinnig praat. Met ander woorde, sy uitspreek van woorde is so vinnig dat partykeer ek dit moeilik vind om hom dadelik te volg wat hy sê.

<u>ASSESSOR (MNR. KRUGEL)</u> : Vinniger as uself? -- Hy is vinnig en terselfdertyd hakkel hy so ŉ bietjie. Met die gevolg is ek kan hom nie so gou volg nie en ek het ook nie lank te doene gehad met hom op daardie tydstip nie.

<u>MNR. HANEKOM</u> : Kan u onthou wat hy gesê het oor die huur? -- Dit is nie dat ek sê dit is sy woorde wat ek nou gaan besig

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie. Ek sê hy het iets te sê gehad wat oor die huur gehandel het en daarin het ek die volgende opsomming gemaak dat hy praat van huurgeld wat verhoog word en dit is al wat ek kon uitmaak van wat hy sê.

Hoe het dit gekom dat hy ŉ toespraak gelewer het op die vergadering? -- Die ooreenkoms by Moselane se woning op die 12de was dat hy, wat Peter is, notule gaan hou van die vergadering en wat my betref, as ŉ inwoner van ŉ ander woonbuurt, met sy ondervinding daarvan, het hy toe sommer besluit om iets te sê. Dus onder die omstandighede het hy toe iets te sê gehad.

So, toe hy opstaan om te praat was dit eintlik ŉ verrassing gewees? Dit is nie vroeër op ooreengekom nie? -- Ja, dit is so. Die ooreenkoms was dat notule gaan hou en nie dat hy ŉ toespraak gaan lewer nie, maar wat nou veroorsaak het dat hy besluit het om ŉ toespraak te maak, weet ek nie.

Hy was nie ŉ inwoner van die Vaal nie en hy het ook nie eers ŉ belang gehad by die Vaal se huurverhogings op daardie stadium nie. Stem u saam? -- Dit is heeltemal reg dat hy nie ŉ inwoner was van die Vaal nie, maar daar is sekere dae wat hy in die Vaal deurgebring het met die inwoners van die Vaal. Tweedens, wat my betref, die moontlikheid is dat hy miskien gevoel het dat aangesien hy werksaam is in die Vaal en van die tyd daar met die Vaal inwoners gebruik, en in sy werk by die kantoor het hy te doene met die inwoners as werknemers, dus het hy gevoel dat hy geregtig was om iets te sê aangaande hierdie aangeleentheid en dus homself beskou as ŉ man wat te doene het met die aangeleentheid.

Het Hlubi enigiemand blameer vir die verhoging van die huurgeld? -- Soos ek al vroeër gesê het, ek kan nie sy

woorde/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woorde onthou nie, dus kan ek nie aanhaal presies wat hy gesê het nie, behalwe om vir die hof te sê dat in sy toespraak het hy gehandel met die verhoging van die huur.

As ek u kan help, het hy iets oor die petisie gesê? -- Wat die petisie betref in hierdie vergadering het hy niks daaroor te sê gehad nie. Ek het aanvaar dat hy ook maar baie min ingelig is oor wat die petisie is. Die rede dat ek dit so aanvaar het is omdat na die vergadering het hy versoek dat ons terugkeer na die woonplek van die eerwaarde waar ons die hele aangeleentheid daar breedvoerig moes bespreek het.

HOF : U weet, daardie hele vraag was baie eenvoudig. Die vraag was sê hy iets oor die petisie? En die antwoord is nog baie eenvoudiger. Dit is nee. As jy nee sê waar jy nee moet sê en ja sê waar jy ja moet sê, dan sal ons baie gouer klaar kom. -- Dankie.

MNR. HANEKOM : Ek wil dit aan u stel dat u verkeerd is. Beskuldigde nr. 3 het getuig dat Peter Hlubi wel van die petisie gepraat het en ook daaroor gepraat het dat 'n prokureur gesien moes word in verband met die petisie? -- Wat beskuldigde nr. 3 getuig het is dit wat hy kan onthou daar plaasgevind het en waar ek hier getuig is wat ek onthou daar plaasgevind het.

Het uself, afgesien van die verslag wat u gelewer het oor 5 Augustus se vergadering enigsins gepraat oor die huurverhoging? -- Herhaal die vraag?

Behalwe dat u verslag gedoen het oor die vergadering van 5 Augustus 1984 het u self ook gepraat oor die huurverhoging? -- Ja, ek het melding hiervan gemaak dat die lede van die organisasie ook het ek gevind dat hulle nie tevrede

is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

is met die verhoging van die huur nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Watter organisasie praat u van? -- Ek praat van die unie waar ek werksaam was.

MNR. HANEKOM : Het u enigsins in u toespraak melding daarvan gemaak dat die huurverhoging probleme gaan veroorsaak? -- As ŉ mens melding daarvan maak dat die lede van die unie nie tevrede is met die verhoging van die huur nie, beteken dit dat die huur probleme gaan veroorsaak met die verhoging.

Het u gesê wat se probleme dit sou veroorsaak? -- Ek het nie by hierdie vergadering gesê wat se probleme veroorsaak gaan word nie.

Beskuldigde nr. 3 het getuig dat u vir die mense gesê het hierdie verhoging van huur gaan probleme bybring by die reeds bestaande probleme wat daar was?

HOF : Waar vind ons die bewysplek?

MNR. HANEKOM : Dit is alles volume 237. Hierdie is bladsy 12 597. Van die begin van die na ete se kruisverhoor is alles in hierdie volume. -- Herhaal die vraag?

Beskuldigde nr. 3 het getuig dat u by die vergadering gesê het die huurverhoging gaan probleme bybring by die reeds bestaande probleme? -- Ek kan nie met hom stry nie. Dit is miskien hoe hy my verstaan het.

Wel, dit is eenvoudig. Het u dit gesê of het u dit nie gesê nie? -- Ek onthou nie dat ek so gesê het nie, maar dit kan wees dat ek wel so gesê het.

Moet die hof dan aflei dat u self nie seker is wat uself op daardie vergadering gesê het nie? U is vandag nie meer seker nie? -- Dit is nie dit nie. ŉ Toespraak wat gelewer word deur ŉ ander persoon, kan ŉ persoon opsom en dan ŉ betekenis gee van wat hy verstaan het van hierdie

toespraak/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

toespraak. Met ander woorde, dit is hoekom ek sê dit is moontlik dat hy my so verstaan het van wat ek gesê het.

Het u in u toespraak gehandel oor die kwessie van werkloses? -- Ja, as ek reg onthou het ek daaroor gehandel.

Wat het u daarvan gesê? -- Moet ek herhaal wat ek daaromtrent daar gesê het?

Wat het u gesê van werkloses op daardie vergadering? -- Wat ek gesê het, is 'n herhaling van wat ek alreeds by die vergadering van die 5de gesê het, byvoorbeeld wat sê die raadslede aangaande die persone wat werkloos is.

HOF : Ja-nee, maar by die vergadering van die 5de het ek verstaan dat u die raadslede aanspreek. By die vergadering van 12 Augustus was daar nie raadslede om aan te spreek nie? -- Ja, dit is reg.

MNR. HANEKOM : Beskuldigde nr. 3 het getuig dat u gesê het die mense wat probleme gaan kry met die verhoogde huur by die huidige probleme is die mense wat werkloos is? -- Ek ontken dit nie, want wat ek daar gesê het was omtrent die herhaling van wat ek alreeds by die vergadering van die 5de gesê het.

Het u enigiemand blameer as synde die oorsaak van hierdie probleme? -- Op daardie stadium het ek niemand blameer vir die oorsaak van die probleme nie, want destyds het ek nog nie geweet wie dit was wat verantwoordelik is vir die verhoging van die huur nie.

Beskuldigde nr. 3 het getuig dat u in u toespraak gesê het dat die raadslede verantwoordelik is en dat hulle beloftes gemaak het en nie die huur sal verhoog nie en nou verhoog hulle die huur? -- Nee, toe ek dit gesê het op daardie tydstip was ek nie besig om iemand te blameer nie. Al wat

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek besig was om te doen daar, was om uiteen te sit wat die sprake was vir die verkiesings wat gehou moet word.

Stem u dan saam dat u het so gesê dat die raadslede die oorsaak is van die probleme en dat hulle beloftes gemaak het dat hulle nie die huur sal verhoog nie? -- Herhaal die vraag vir my?

Ek wil net probeer vasstel, sê u nou u het dit gesê of u het dit nie gesê nie, dat die raadslede die oorsaak is van die probleme omdat hulle beloftes gemaak het tydens die verkiesings dat die huur nie verhoog sal word nie? -- Ek het hulle nie beskuldig nie.

Het u in u toespraak verwys na die voorstelle wat beskuldigde nr. 3 gemaak het betreffende die petisie en die hofinterdik? -- Ek het nie omtrent die petisie iets te sê gehad nie, want ek het geen kennis daarvan gehad nie.

En oor die hofinterdik? -- Dieselfde geld vir die hofinterdik. Ek het geen kennis gehad nie.

En het u ook geen melding daarvan gemaak nie? -- Ek onthou nie dat ek iets gesê het omtrent die twee nie.

Was daar op die vergadering enige voorstel dat die raadslede moet bedank? -- Dit is so, ja.

Wie het dit voorgestel? -- Van die sprekers, naamlik die inwoners, iemand het dit voorgestel.

Is die voorstel gemotiveer? -- Ja, dit is.

Wat is gesê?-- Daar was baie praatjies gewees. Mense het verskillende redes gegee vir daardie voorstel. Byvoorbeeld iemand wat sê hulle het ons belowe dat hulle nie die huur sal verhoog nie.

Laat ons net een ding duidelik kry. Hoeveel mense het voorgestel dat die raadslede bedank op hierdie vergadering?

Sover/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Sover ek weet is dit net een persoon wat ŉ voorstel maak en dan sal die ander mense dit bekragtig of iets in die guns daarvan sê.

Is dit wat daar gebeur het die dag? Het net een persoon dit voorgestel? -- Ja, een persoon het die voorstel gemaak. Die res van die mense het toe saamgestem na dit gemaak is.

Was daar op die vergadering van 12 Augustus enigsins ŉ beswaar teen die raadslede geopper dat hulle outokraties optree en nie die inwoners voor die verhogings geraadpleeg het nie? -- Ja, dit is so. Dit was bevat in die inwoners se griewe.

Wie het so ŉ beswaar gehad? -- Ek kan nie die spesifieke persoon onthou nie, maar wel onthou dat daar so iets gesê was.

Was dit dieselfde persoon wat voorgestel het dat die raadslede moet bedank of was dit iemand anders? -- Soos ek alreeds gesê het, ek kan net nie onthou wie die persoon was nie.

Is daar op die vergadering melding gemaak of ŉ bewering gemaak dat raadslede slegs "puppets" van die regering is en geen mag het nie? -- Ja, as ek reg onthou was daar sulke sprake gewees.

Wie het dit gesê? -- Ek ken nie al die inwoners van Sharpeville by hulle name nie, maar een van die gehoor wat daar was, het dit gesê.

Is daar op die vergadering gesê dat raadslede nie in ag geneem het dat die huurverhogings die werkloses gaan affekteer nie? Ek is jammer, ek sal die vraag terugtrek. Ek dink ek het dit al behandel. Is daar op die vergadering van 12 Augustus gesê dat die raadslede beskuldig word

dat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

dat hulle nie na die pensioenarisse omsien nie?

HOF : Is ons nie daar ook al verby nie?

MNR. HANEKOM : Jammer. Was daar op die vergadering van 12 Augustus 1984 beskuldigings gemaak teenoor die raadslede dat hulle verantwoordelik is vir die hoë elektrisiteitsrekenings? -- Ek kan nie so goed onthou of dit nou ooit gemeld was daar nie. Ek kan nie onthou nie.

Is die raadslede verder beskuldig dat hulle nie die elektrisiteitsmeters laat lees as die rekeninge oorweeg word nie? -- Ek onthou dat dit gesê was by hierdie vergadering.

Kan u onthou wie dit gesê het? -- Nee, ek kan nie onthou wie dit gesê het nie. Ek kan onthou dat dit wel gesê was. Deur wie kan ek nie onthou nie.

Beskuldigde nr. 3 was baie beslis dat dit nooit gesê was op daardie vergadering nie? -- Hy praat van wat hy onthou, soos ek alreeds gesê het en ek praat van wat ek onthou. Ek sal nie sê dit is nie so nie, want ek vertel hierdie hof van wat ek onthou daar plaasgevind het.

Is die raadslede op die vergadering beskuldig dat hulle die huur verhoog sodat hulle self verhoogde toelaes kan ontvang? -- Ja, ek onthou dat dit gesê was.

Kan u onthou wie dit gesê het? -- Soos ek alreeds gesê het, daar was baie sprekers hier. Ek kan nie onthou presies wie die persoon is wat daardie woorde gebesig het nie.

Stem jy saam dat dit baie ernstige kritiek is wat daar teen die raadslede uitgespreek is op die vergadering? -- Ek beskou dit nie as kritiek nie. Ek beskou dit as mense wat die gevoelens uitspreek van ontevredenheid.

Dit raak tog die raadslede se eerlikheid. Die

beskuldiging/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

beskuldiging word nou gemaak dat hulle die huur gebruik om hulle eie sakke te vul. Is dit nie so nie? -- Ek verstaan nie hierdie stelling nie.

Is dit nie 'n aantyging teen die raadslede dat hulle oneerlik is en dat hulle die verhoogte huur gebruik om hulle eie sakke te vul nie? -- Ja, ek kan dit so aanvaar, want kyk, as 'n persoon beswaar maak, is die persoon se aanduiding dat die persoon nie tevrede is nie.

Ek wil dit aan u stel dat al die aantygings wat daar gemaak is op die vergaderings het die mense wat daar teenwoordig was kwaad gemaak en opgesweep teen die raadslede? -- Nee, dit is nie so nie. Die gehoor daar was nie kwaad gewees nie. Hulle het net dit duidelik gemaak dat hulle nie tevrede was nie.

Is dit nie as gevolg van al hierdie aantygings wat gemaak is dat die mense gevra het die raadslede moet bedank nie? -- Ja, dit is so, maar dit was na aanleiding van die feit dat hulle ontevrede was.

Kan u onthou of daar op die vergadering 'n beskuldiging gemaak was teen die raadslede dat hulle drankwinkels verkoop het en dat hulle die fondse nie in die gemeenskapskas laat toekom het nie? -- Ja, ek onthou dat daar melding gemaak was van die drankwinkels.

Wat is gesê van die drankwinkels? -- As ek nog reg onthou wat gevra was daar is die volgende. Wat het die geld van die drankwinkels gedoen, want dit is daardie tipe geld wat kon gebruik word om in die kas in te betaal van die gemeenskap.

Behalwe vir die hofinterdik en die petisie, is daar op die vergadering enige metode bespreek van hoe die mense gehelp kan word wat by beskuldigde nr. 3 kom kla het oor

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die verhoogde huur? -- Die stelling is nie vir my duidelik wat die vraag is nie.

HOF : Is daar ŉ metode bespreek om beskuldigde nr. 3 se gemeentelede te help? -- By hierdie vergadering was dit nog nie duidelik gewees wat die hulp sal wees nie.

So, dit is nie bespreek nie? -- Ek kan nie onthou nie.

MNR. HANEKOM : Was daar ŉ bespreking op die vergadering dat mense gehelp moes word om tuin te maak op die perseel - op beskuldigde nr.3 se perseel? -- Nee, dit kan ek nie onthou nie.

Was dit nie iets wat sou uitstaan in u gedagtes as dit gebeur het as iets besonders nie? -- Ek verstaan nou nie wat u daarby bedoel nie.

HOF : As u sê "Dit kan ek nie onthou nie", beteken dit dit het nie gebeur nie of beteken dit dit is moontlik dat dit gebeur het, maar u kan dit nie onthou nie? -- Daarby bedoel ek dat dit kan wees dat dit gebeur het, maar ek as ŉ persoon het daarvan vergeet.

MNR. HANEKOM : Was daar op die vergadering melding gemaak dat petisievorms, op daardie stadium al melding daarvan gemaak dat petisievorms gesirkuleer sou word in die woongebied? -- Nee, nie by hierdie vergadering nie.

In BEWYSSTUK DA10, dit is ŉ koerantberig van die Rand Daily Mail wil ek net aan u voorlees die laaste paragraaf wat oor die vergadering handel. Die tweede laaste paragraaf lui "The committee announced that ... " (Hof kom tussenbei)

HOF : Dit is genommer paragraaf 9.

MNR. HANEKOM : Paragraaf 9 dan "The committee announced that the petition papers would be distributed throughout the township and should be signed and sent back as soon as

possible/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

possible in order to be submitted to the Lekoa Town Council before September, 1, the date of the new rent implementation." U sê dit is verkeerd? -- Hierdie is so fyn gedruk, ek kan dit nie eers lees nie.

HOF : Maar kan u dit darem hoor?

MNR. HANEKOM : Ek sal dit weer stadig vir u lees. "The committee announced that the petition papers would be distributed throughout the township and should be signed and sent back as soon as possible in order to be submitted to the Lekoa Town Council before September, 1, the date of the new rent implementation." Nou vra ek aan u, is dit reg of verkeerd? -- Dit is tot 'n mate korrek, maar nie heeltemal nie.

Wat is korrek daaraan? -- Dat daar 'n petisie gedoen sal word of opgestel sal word. Daardie gedeelte is korrek, maar verder wat gesê was, was dat ons is nog nie seker wat daarvan gaan word nie. Daar moet nog raad gevra word aangaande dit. Dit wil sê die res van hierdie verslag is nie korrek nie.

Dan wil ek net vir u die heel eerste paragraaf lees van die berig "The anti-rent committee of Sharpeville has called on the residents to sign a petition in protest at the new R5,90 rent increases." Sien u dit? Is dit reg of verkeerd? -- Gedeeltelik reg, maar nie alles nie.

Wat is daar reg? -- Wat reg is, wil u hê?

Ja? -- Dat daar sprake was van 'n petisie, dit is korrek. En dat die doel daarvan, dit is die doel van die opstel van die petisie , is dat ons nie die verhoogde huur betaal nie, naamlik die R5,90. Dit is al waarmee ek saamstem.

Dit lyk vir my u stem met alles saam daar. Waarmee stem u nie saam nie? -- Die "anti-rent committee" is die

gedeelte/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gedeelte waarmee ek nie saamstem nie, want ons was nie ŉ komitee gewees nie. Ek stem ook nie daarmee saam dat dit ŉ resolusie was van hierdie vergadering nie. Dit was net ŉ voorstel gewees en na dit moes dit eers aanvaar word. Wat ek probeer verduidelik is dat daar was ŉ resolusie geneem oor die opstel van ŉ petisie en wat die doel daarvan sou wees. Dit was aanvaar as ŉ resolusie van hierdie vergadering maar wat net ŉ voorstel was is die volgende. Die resolusie wat ek sê nog nie ŉ resolusie was nie, is of daar nou ŉ petisie of ŉ hofinterdik gebruik gaan word. Dit was nog ŉ voorstel gewees. Iemand moes nog raad daaromtrent gaan vra het vir ons dan om te kan besluit.

Watter resolusies is op die vergadering van 12 Augustus aanvaar? -- Die eerste resolusie van hierdie vergadering was dat die R5,90 dan bygebring word as verhoging op die huur nie betaal moet word nie, maar daar moet net die ou huur betaal word sonder die verhoging. ŉ Tweede resolusie van hierdie vergadering was dat daar ŉ beroep gemaak sal moet word dat die raadslede bedank. Daar was toe ŉ ooreenkoms gewees dat daar nog ŉ vergadering gehou moet word na hierdie vergadering.

Goed, ons bepaal ons net eers by die resolusies. Die resolusie dat die R5,90 nie betaal word nie, was daar enige voorwaardes bygevoeg of was die resolusie bloot dat die R5,90 verhoging word nie betaal nie? -- Ja, wat gesê was in hierdie resolusie was dat ons nie die R5,90 moet betaal nie, ons moet net wag tot tyd en wyl ons ingelig is of daar gebruik gemaak gaan word van die petisie of die hofinterdik. Dan sal ons besluit wat om dan daarna te doen.

Ek vra dit vir u want in u getuienis-in-hoof het u

gesê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesê dat die resolusie was dat die R5,90 nie betaal word nie, tot tyd en wyl julle 'n ontmoeting gehad het met die raadslede om die hele kwessie te bespreek? -- Ek kan my nie voorstel dat ek so gesê het nie, dat tot tyd en wyl ons met die raadslede ontmoet het nie.

Wat is die posisie? Was dit gesê of was dit nie gesê nie? -- Die resolusie is dat ons gaan wag en nie die geld betaal tot tyd en wyl ons nou hoor as gevolg van òf die petisie òf die hofinterdik, dit nou vir ons wettig was om die geld te betaal of nie.

Is dit op die vergadering bespreek wat sou gebeur as die beroep op die raadslede gedoen word om te bedank en hulle weier om te bedank? -- By hierdie vergadering was die resolusie dat ons die raadslede gaan versoek om te bedank as ons nie hierdie verhoging kan stop nie.

Die vraag was, is dit bespreek wat die posisie sou wees as die raadslede weier om te bedank? -- Daar was geen besluit geneem daaromtrent nie, geen resolusie nie, want ons het gepraat van die verhoging, dat as ons nie die verhoging gestop kry nie, dan moet hulle bedank.

Ek is bevrees u het nog nie die vraag beantwoord nie. Is dit enigsins bespreek of nie wat sou gebeur as die raadslede weier om te bedank? -- Nee.

Wat het u gedink, hoe sou daar van die raadslede ontslae geraak word as hulle weier om te bedank? -- Wat in my gedagte aangegaan het, was dat die mense sal eintlik nie bedank nie, want dit is mense aan wie ek eintlik goed gewoond was. Ek het aanvaar dat hulle net gaan sê goed, dit is reg, dat die huurgelde nie verhoog word nie. Dus het ek nie 'n rede gehad om te dink wat gedoen kan word as hulle nie bedank nie.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het Peter Hlubi by die vergadering toe inderdaad die notule gehou die dag? -- Ja, hy was die sekretaris wat die notule gehou het.

Het hy 'n notuleboek gehad of was dit sommer op los velle papier? -- Ek kan nie so goed onthou nie, maar in die meeste van die tyd het Peter 'n briewetas by hom gedra elke keer. So, as dit nodig geword het dat hy iets moet skryf, het hy dit uit die briewetas gehaal.

Wat het van die notule geword na die vergadering? -- Na die eerste vergadering het hy die notule aan my gegee. Ek het dit gaan tik en nadat dit getik was deur my, het ek dit terugbesorg aan hom.

Was daar by die vergadering van 12 Augustus 1984 enige baniere? -- Nee.

Beskuldigde nr. 3 het getuig dat die oggend van 12 Augustus 1984 het u 'n banier na hom toe gebring en gevra of julle dit by die vergadering kan aanbring en hy het nie beswaar gehad nie? Volume 229 bladsy 12 182? -- Nee, nie by die 12de se vergadering nie.

En in kruisverhoor het beskuldigde nr. 3 uitdruklik getuig dat die banier wel op die vergadering van 12 Augustus was? -- Dit is miskien hoe hy dit onthou het, maar wat my betref onthou ek baie goed dat ek geen banier gehad het op die 12de nie.

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Die verwysing is Volume 238 bladsy 12670.

(Getuie vra om vir 'n oomblik asseblief verskoon te word)

MR BIZOS : My Lord, I have been thinking about the newspaper report. I have come to the conclusion that probably I am the source unwittingly of that information. I do not know

what/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

what the report said, but I have remembered now that a young woman, the one that sat at the end there, whom I know from the comparatively short case in Bloemfontein where she was before, together in the company of her colleagues here, towards the end of last week she asked me "What has happened to this application for bail that you mentioned?" and I said that we hope to file papers on Monday or Tuesday. I now recall that and if she made a story out of that and published it I am very sorry, but I will be careful about the questions of young women in future, but I did not say that the application would be heard. I said we hope to file papers on Monday or Tuesday which proved to be incorrect, but if she has made a story out of that, I certainly did not consider myself giving information for the record.

COURT : It is quite in order. I was just remarking on its peculiarity.

MR BIZOS : I have been thinking about it and I think that is precisely what has happened.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG. HOF HERVAT.

NOZIPHO GLADYS MJEZA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HANEKOM : Die resolusie wat op 12 Augustus 1984 aanvaar is dat die raaslede moet bedank as hulle met die huurverhoging voortgaan, hoe het u dink moet hierdie resolusie by die raad tuisgebring word? -- Die besluit was geneem van hierdie resolusie deur die gehoor dat die raadslede hiervan verwittig word voor die 1ste.

Hoe sou hulle verwittig word? Wie sou hulle verwittig? -- Melding was gemaak van die petisie wat opgestel sou word. Dus was daar gesê dat indien die petisie gebruik word,

sal/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

sal dit na hulle toe gestuur word. Dit is op daardie manier dat hulle dan kennis sou neem hiervan.

Op daardie stadium was julle nog onseker of die petisie gebruik sou word. Daar moes nog eers regsadvies ingewin word?

MR BIZOS : Is that putting it quite fairly on her evidence, that advice what form the petition should take and whether it should be sent to the lawyers or the councillors first or whether the lawyers must tell them how to send it to the councillors. That was her evidence-in-chief.

MNR. HANEKOM : Nee, dit was in hoof haar getuienis, maar in kruisverhoor het sy vandag gesê dat die kwessie van die interdik en die petisie moes eers met die prokureurs bespreek word om te sien of hulle wettig daarmee kan voortgaan.

HOF : Ek het nie afgeskryf van die wettige gedeelte nie.

MNR. HANEKOM : Maar ek sal dit anders stel om enige besware uit die weg te ruim. Daar was nog finaliteit oor die petisie bereik op daardie stadium nie? -- Ja, maar wat belangrik vir ons, was die datum, dit wil sê die 1ste was ons beperkte datum.

Oor die vergadering van 12 Augustus 1984 wil ek dit aan u stel dat op hierdie vergadering van die 12de was dit die doel van die vergadering uit en uit gewees om 'n protes vergadering te hou teen die raadslede? -- Nee, dit was nie die bedoeling van hierdie vergadering nie.

En ek stel dit ook aan u dat daar aanvalle geloods was op die vergadering op die raadslede en daar was beskuldigings teen die raadslede gemaak om hulle in 'n slegte lig te stel by die mense? -- Daar was geen beskuldigings hoegenaamd nie. Daar was net ontevredenheid van die mense.

Ek wil nie weer dit alles met u deurgaan nie, maar u

het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

het toegegee dat daar aantygings teen die raadslede was oor die elektrisiteitsrekenings?

HOF : Hoekom moet ons nou weer dieselfde paadjie loop? Is u nou besig om te stry met die getuie? Vra vir haar vrae.

MNR. HANEKOM : Ek wil dit ook aan u stel dat u self baie weinig kan onthou van wat op daardie vergadering gesê was deur die verskillende mense? -- Ek het hier vir die hof vertel van wat ek onthou en vir hierdie hof ook vertel wat die doel van hierdie vergadering was.

Na die vergadering van 12 Augustus het u by die huis van beskuldigde nr. 3 byeengekom. Is dit reg? -- Dit is so.

Wie was almal by die samesprekings teenwoordig? -- Ek, eerwaarde Moselane en Peter Hlubi.

K1023 Het beskuldigde nr. 1 nie daar aangekom terwyl julle besig was met julle samesprekings nie? -- Nee, ek het hom nie op die 12de gesien nie.

Is die hofinterdik daar bespreek? -- Ja. Ons het twee dinge daar bespreek, die petisie en die hofinterdik.

HOF : Kry 'n mens 'n interdik wat nie 'n hofinterdik is nie.

MNR. HANEKOM : Nee, ek het nog nie een teëgekom nie. In die loop van daardie week na 12 Augustus het u weer 'n byeenkoms gehad met beskuldigde nr. 3 en Peter Hlubi? -- Ja, dit is so.

Wanneer was dit? -- Dit was in die loop van die week gedurende die week. Ek kan net nie die spesifieke dag onthou watter dag van die week dit was nie, maar dit was na hierdie vergadering van die 12de.

Wat was die hooftrekke wat daar bespreek was by hierdie byeenkoms? -- Ek onthou dat ons gepraat het van die petisie en die "court interdict". Wat nog kan onthou is dat ons

ingelig/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria; 2017.

ingelig was van 'n spreker wat teenwoordig kan wees by die volgende vergadering.

HOF : Wie was dit? -- Wat aan ons gesê was, was dat 'n mnr. Tom Manthata teenwoordig kan wees by hierdie vergadering as spreker.

MNR. HANEKOM : Het beskuldigde nr. 3 vir julle twee ingelig hoekom beskuldigde nr. 16 'n spreker sou wees by hierdie vergadering? -- Ja, hy het redes verskaf.

Wat was dit? -- Sy redes was die volgende dat aangesien mnr. Manthata in die gemeenskap self werk en te doene het direk met die gemeenskap in sy ondervinding, is daar 'n moontlikheid dat hy vir ons raad kan gee oor dinge wat die gemeenskap raak. Dus is dit die rede hoekom hy daar as 'n spreker kan optree.

Watter dinge is dit van die gemeenskap waaroor hy moes kom praat? -- Ek het vir die hof hier gesê dat ons het nog nie presies geweet wat gedoen kan word nie. Ons was besig om raad te kry van verskillende bronne. Dus het ek aanvaar dat hy genoem word omdat hy dalk iets kan sê oor hierdie aangeleentheid wat gedoen word in sy ondervinding.

Beskuldigde nr. 16 het niks te doen gehad met die gemeenskap in die Vaal nie. Hoe sou hy u kon help? -- Ek het dit op die volgende manier verstaan dat dit kan wees dat die gemeenskap se probleme identies is, dus met sy ondervinding van die werk wat hy in die gemeenskap gedoen het, kan hy dalk van hulp wees.

Is enige ander sprekers vir die vergadering bespreek? -- Nee, behalwe mnr. Manthata was niemand anders as 'n spreker daar bespreek nie.

HOF : Het beskuldigde die naam van beskuldigde nr. 16

voorgelê/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

voorgelê vir goedkeuring, aan julle ander twee? -- Ek weet nie wat die rede daarvoor was nie. Wat wel gebeur het is dat hy daardie melding gemaak het.

Het u enigiets van beskuldigde nr. 16 geweet op daardie stadium of was hy vir u ŉ vreemdeling? -- Ek het die naam geken, maar nog nie die persoon ontmoet nie.

Op 19 Augustus 1987, was daar weer ŉ vergadering en voor die vergadering het u weer by beskuldigde nr. 3 se huis byeengekom? -- Dit was nie ŉ afgespreekte ontmoetingsplek by beskuldigde nr. 3 se woning die oggend nie. Dit het net gebeur dat ons daar aangedoen het en toe daar gewag het vir die tyd van die vergadering om in aanvang te neem.

Was daar enige samesprekings tussen die drie van julle by beskuldigde nr. 3 se huis voor die vergadering? -- Ons het geen samesprekings gehad hierdie dag nie.

Is daar niks betreffende die vergadering wat moes volg bespreek nie? -- Nee, daar is niks wat ons bespreek het met betrekking tot die vergadering nie.

Was die drie van julle, uself, Peter Hlubi en beskuldigde nr. 3 die heeltyd in mekaar se teenwoordigheid? --Is dit nou voor die aanvang van die vergadering?

Voor die aanvang van die vergadering? -- Nee, alhoewel beskuldigde nr. 3, Moselane, daar by sy huis teenwoordig was, maar hy was nie altyd by ons gewees nie. Hy het ander mense daar gehad met wie hy te doene gehad het.

Was dit bekend wie as voorsitter sou optree by die vergadering? -- Nee, nie terwyl ons nog in die huis van eerwaarde Moselane was nie.

Wanneer het dit duidelik geword wie as voorsitter sou optree? -- Na ons die huis verlaat het, op pad na die

vergaderplek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

vergaderplek toe, het ek gehoor dat eerwaarde Moselane vir Peter herinner dat hy, Peter, die voorsitter gaan wees en hy moet ook nie vergeet om ons gas daar voor te stel nie.

Wat bedoel u met herinner? Het hy hom vir die eerste keer gesê of het hy hom net herinner daaraan? -- Die manier waarop hy gepraat het, volgens my, was dit ŉ manier om hom te herinner van iets waarvan hy alreeds geweet het.

Beskuldigde nr. 3 het getuig dat die kwessie van die voorsitterskap was geopper daar by sy huis voor die vergadering en daar het hy ook melding gemaak dat Peter Hlubi vir mnr. Manthata sal moet voorstel as ŉ spreker? -- Soos ek sê, toe ons daar opgestaan het met die oog daarop om weg te gaan van sy huis af, dit is op daardie stadium wat hy hom herinner het dat hy nie sy pligte moet vergeet nie.

Was dit nog binne-in die huis? -- Dit is toe ons net opgestaan het in die rigting van die uitgang. Dit wil sê na die deur toe.

HOF : Was dit nog binne-in die huis? -- Toe dit begin het was ons nog net in die huis in op pad uit. Dus die gesprek het volledig voortgegaan terwyl ons loop.

MNR. HANEKOM : Het die gesprek voortgegaan terwyl julle buite gestap het op pad na die kerk toe? -- Op pad by die uitgang van die deur het ek gehoor dat hy vir Peter herinner aan sy pligte en ook die voorstelling van hierdie gas van ons. Dit is voor ons by die hek van die perseel uit is.

Maar buitekant die huis? Daar was nog ŉ bespreking buitekant die huis? -- (Tolk deel hof mee dat die woord deur die getuie gebruik dubbelsinnig is en vra verlof om haar uit te vra daaroor) Laat ek dit so vir u beskryf om dit te verstaan. Ons het nog daar gesit toe eerwaarde Moselane

daar/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

daar gekom het en gevra het "Het julle toe mekaar geken? Het julle mekaar voorgestel? Laat ons nou gaan." Ons het opgestaan. Daar is in die mense nou in die proses van uitgaan, wat voor is. Dit wil sê byvoorbeeld, party is by die deur, ander is tussen die sitplekke en die deur en ander is weer by die sitplekke, maar in die proses van uitgaan, toe dit gesê is. Dus is dit vir my moeilik om te bepaal presies waar ons was toe dit gesê is.

Het julle voor julle die huis verlaat het bespreek wat alles sou gebeur op die vergadering? -- Nee.

Beskuldigde nr. 3 het getuig dat dit presies is wat gebeur het. Voor julle sy huis verlaat het, het julle presies bespreek wat alles gedoen gaan word op hierdie vergadering?

HOF : Wat is die verwysing?

MNR. HANEKOM : Volume 238 bladsy 12 663. -- Ek kan nie onthou dat dit so gebeur het nie. Miskien is dit die manier waarop hy onthou, maar waarvan ek bewus is is dat toe hy daar gekom het, het hy net gevra of ons nou mekaar geken het deurdat ons mekaar voorgestel het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 13 NOVEMBER 1987.

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.